The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for purposes of a township a portion of proclaimed land, approximately 25,773 4 hectares in extent, situate on the farm Rietfontein 115 IR, District of Brakpan, Mining District of Johannesburg, Province of the Transvaal, registered in the name of Alrove (Pty) Ltd, and as shown on a sketch plan, copies of which have been filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under RMT R.28/73.

No. 198 15 Februarie 1974

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer 5,055 2 hektaar groot, geleë op die plaas Leeuwpoort 113 IR, distrik Boksburg, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van Hugh Boyle in sy hoedanigheid van Biskop van die Bisdom van Johannesburg van die Roomse Katolieke Kerk en soos aangedui op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder RMT R.49/72 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor fan die Mynkommissaris, Johannesburg, bewaar word, kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), vir die doel van 'n dorp uitgehou.

No. 199 15 Februarie 1974

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het 'n stuk geproklameerde grond ongeveer 40,14 hektaar groot, geleë op die plaas Benoni 77IR, distrik Benoni, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van die Stadsraad van Benoni, en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder RMT R.34/72 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, bewaar word, kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), vir die doel van 'n dorp uitgehou.

No. 222 15 Februarie 1974

GROND VIR DIE AFPENNING VAN KLEIMS OOP VERKLAAR

Die Minister van Mynwese het kragtens artikel 41 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), verklaar dat die grond wat voorheen gehou is as kleims waarvan besonderhede in bygaande Bylae verskyn, vanaf 9 vm. op die 6de dag van Maart 1974 oop is vir die afpenning, ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk VI van genoemde Wet, van kleims vir edelmetale of onedele minerale, na gelang die grond vir edelmetale of vir onedele minerale geproklameer is:

No. 198 15 February 1974

RESERVATION OF LAND FOR PURPOSES OF A TOWNSHIP

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for purposes of a township a portion of proclaimed land, approximately 5,055 2 hectares in extent, situate on the farm Leeuwpoort 113 IR, District of Boksburg, Mining District of Johannesburg, Province of the Transvaal, registered in the name of Hugh Boyle in his capacity as the Bishop of the Diocese of Johannesburg of the Roman Catholic Church, and as shown on a sketch plan, copies of which have been filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under RMT R.49/72.

No. 199 15 February 1974

RESERVATION OF LAND FOR PURPOSES OF A TOWNSHIP

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for purposes of a township a portion of proclaimed land, approximately 40,14 hectares in extent, situate on the farm Benoni 77IR, District of Benoni, Mining District of Johannesburg, Province of the Transvaal, registered in the name of the Town Council of Benoni, and as shown on a sketch plan, copies of which have been filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under RMT R.34/72.

No. 222 15 February 1974

LAND DECLARED OPEN FOR THE PEGGING OF CLAIMS

The Minister of Mines has, in terms of section 41 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), declared that the land previously held as claims, details of which appear in the attached Schedule, shall be open as from 9 a.m. on the 6th day of March 1974 for the pegging, in terms of Chapter VI of the said Act, of precious metal claims or base mineral claims according to whether the land has been proclaimed for precious metals or for base minerals:

BYLAE—SCHEDULE

MYNDISTRIK PIETERSBURG—MINING DISTRICT OF PIETERSBURG

EDELMETAALKLEIMS—PRECIOUS METAL CLAIMS

Lis.-no. Lic. No.	Onderskeidingsnommers van kleims Distinctive numbers of claims	Getal kleims Number of claims	Kaart-nommer Diagram No.	Naam van laaste geregistreerde houer Name of last registered holder	Plaas en distrik Farm and district
8165	Ongenommer/Unnumbered	4	—	J. P. de Beer.....	Eersteling 17 KS, Pietersburg.

ONEDELE MINERALE-KLEIMS—BASE MINERAL CLAIMS

23489	Ongenommer/Unnumbered	15	—	J. J. C. Naudé.....	N'Dole 12 LU, Letaba
29919	Ongenommer/Unnumbered	5	—	J. H. P. Hamman.....	Lamula 162 KT, Letaba.
30583	Ongenommer/Unnumbered	5	—	A. C. Hamman.....	Lamula 162 KT, Letaba.
30623/30624	Ongenommer/Unnumbered	55	—	C. A. C. Swart.....	Lamula 162 KT, Letaba.
30693	Ongenommer/Unnumbered	45	—	C. A. C. Swart.....	Lamula 162 KT, Letaba.
33335	Ongenommer/Unnumbered	10	—	J. B. Lindeque.....	Haenertsburg Persele/Lots 181 en/and 182, Pietersburg.
33623	Ongenommer/Unnumbered	20	—	M. J. Lindeque.....	Haenertsburg Persele/Lots 181 en/and 182, Pietersburg.
34056	Ongenommer/Unnumbered	8	—	A. M. E. Kotzé.....	Mpande 165 KT, Letaba.
34822	Ongenommer/Unnumbered	20	—	J. B. Lindeque.....	Haenertsburg Persele/Lots 182 en/and 183, Pietersburg.
35304	Ongenommer/Unnumbered	10	—	A. M. Richards.....	Willie 787 LT, Letaba.
36506/36509	Ongenommer/Unnumbered	200	—	D. S. Engelbrecht.....	Willie 787 LT, Letaba.

No. 200 15 Februarie 1974

SKRAPPING VAN DIE REGISTER VAN BEHEERDE MYNE

Hierby word ingevolge artikel 11 van die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973 (Wet 78 van 1973), vir algemene inligting bekendgemaak dat Sy Edele die Minister van Mynwese verklaar het dat die myn ontgin deur Marble Lime and Associated Industries Ltd, Posbus 7711, Johannesburg, op die plaas Mundt's Concession (Noordkaap), in die landdrosdistrik Barberton, provinsie Transvaal, met ingang van 1 April 1974 ophou om 'n beheerde myn te wees.

No. 200 15 February 1974

REMOVAL FROM THE REGISTER OF CONTROLLED MINES

In terms of section 11 of the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act 78 of 1973), it is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of Mines has declared that the mine worked by Marble Lime and Associated Industries Limited, P.O. Box 7711, Johannesburg, on the farm Mundt's Concession (Noordkaap), in the Magisterial District of Barberton, Province of the Transvaal, shall cease to be a controlled mine with effect from 1 April 1974.

DEPARTEMENT VAN NYWERHEIDSWESE

No. 203 15 Februarie 1974

WET OP STANDAARDE, 1962

WYSIGING VAN VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE VIR DIE VERVAARDIGING, PRODUKSIE, BEWERKING OF BEHANDELING VAN INGEMAAKTE VLEISPRODUKTE

Op aanbeveling van die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 van die Wet op Standaarde, 1962 (Wet 33 van 1962), verklaar ek, Jan Christiaan Heunis, Adjunk-minister van Ekonomiese Sake, hierby die gewysigde standaardspesifikasie in die Bylae vervat tot verpligte standaardspesifikasie vir die vervaardiging, produksie, bewerking of behandeling van ingemaakte vleisprodukte met ingang van die datum twee maande na publikasie van hierdie kennisgewing.

J. C. HEUNIS, Adjunk-minister van Ekonomiese Sake.

BYLAE

VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE VIR DIE VERVAARDIGING, PRODUKSIE, VERWERKING OF BEHANDELING VAN INGEMAAKTE VLEISPRODUKTE

(Metrieke Eenhede)

1. Hierdie spesifikasie dek die vervaardiging, produksie, verwerking of behandeling van ingemaakte vleisprodukte vir menslike verbruik.

2. WOORDBEPALING.

2.1 Die volgende woordbepalings geld vir die doel van hierdie spesifikasie, tensy die verband anders aandui:

Aanneemlik.—Aanneemlik vir die owerheid wat hierdie spesifikasie toepas.

Eetbare afval.—Bloed, brein, diafragma (romp), nier, buiknet (dermnetvet), pankreas, timus, hart, slukderm, stert, tong, pens, pote en lewer van slagdiere en hierbenewens in die geval van pluimvee, pluimvee-afval (die hart en die skoon en gestroopte koumaag en die lewer sonder die galblaas).

Gedreineerde massa.—Die massa van die inhoud van die houer wat op 'n metaalgaassif met 'n nominale-openinggrootte van 2,00 mm agterbly nadat ewewig bereik is en nadat dit tot 38 °C verwarm is om die inmaakmedium te laat smelt en 2 min lank op die sif gedreineer is.

Gewaste massa.—Die massa van die inhoud van die houer wat op 'n metaalgaassif met 'n nominale openinggrootte van 2,00 mm agterbly nadat ewewig bereik is en nadat dit versigtig met water gewas is wat, indien nodig, tot 'n temperatuur van hoogstens 38 °C verwarm is om vleissous, sous, of ander verpakkingsmedia wat daaraan vaskleef, te verwyder en dan 2 min lank op die sif gedreineer is.

Graanstof.—Koring, mielies, rys, of ander eetbare graan of meelblom of stysel.

DEPARTMENT OF INDUSTRIES

No. 203 15 February 1974

STANDARDS ACT, 1962

AMENDMENT OF COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION FOR THE MANUFACTURE, PRODUCTION, PROCESSING OR TREATMENT OF CANNED MEAT PRODUCTS

On the recommendation of the Council of the South African Bureau of Standards and under the powers vested in me by section 15 of the Standards Act, 1962 (Act 33 of 1962), I, Jan Christiaan Heunis, Deputy Minister of Economic Affairs, hereby declare the amended standard specification contained in the Schedule to be a compulsory standard specification for the manufacture, production, processing or treatment of canned meat products with effect from the date two months after publication of this notice.

J. C. HEUNIS, Deputy Minister of Economic Affairs.

SCHEDULE

COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION FOR THE MANUFACTURE, PRODUCTION, PROCESSING, OR TREATMENT OF CANNED MEAT PRODUCTS

(Metric Units)

1. This specification covers the manufacture, production, processing, or treatment of canned meat products for human consumption.

2. DEFINITIONS.

2.1 For the purposes of this specification, unless the context indicates otherwise, the following definitions shall apply:

Acceptable.—Acceptable to the authority administering this specification.

Canned meat product.—An article of food manufactured from meat or edible offal or both including, when specifically permitted, bone, and with or without vegetables —including mushrooms—or cereal or both or other appropriate ingredients, such as edible fats, seasoning ingredients, spices, thickening and sweetening agents, and caramel, and packed and preserved or semi-preserved in hermetically sealed containers.

This definition does not include packaged meat products (open-pack meat products), or products containing vegetables or cereals or both together with meat or edible offal or both where the content of meat or edible offal or both in the end product, or the content of prepared units containing meat or edible offal or both in the end product, is less than 10 per cent. Further, it does not include products described as sauces or gravies.

Cereal.—Wheat, maize, rice, or other edible grain or flour or starch.

Container.—A rigid or semi-rigid container—including collapsible tubes—made of tinplate or other acceptable material, or a container made of glass, and capable of being hermetically sealed.

Halfgepreserveerde en gepasteuriseerde produkte.—Produkte wat onder verkoeling gehou moet word om die voortdurende preservering daarvan tydens bewaring te verseker.

Houer.—'n Onbuigsame of halfonbuigsame houer—met inbegrip van uitdrukbuise—wat van tinplaat of ander aanneemlike materiaal gemaak is, of 'n houer van glas, wat hermeties verseël kan word.

Ingemaakte vleisproduk.—'n Voedselsoort wat uit vleis of eetbare afval of albei vervaardig is met inbegrip van been, indien dit spesifiek toegelaat is, en met of sonder groente—met inbegrip van sampioene—of graanstof, of albei, of ander toepaslike bestanddele, soos eetbare vet, kruiebestanddele, speserye, verdik- en versoetmiddels en karamel, en wat in hermeties verseëlde houers verpak en gepreserveer of halfgepreserveer is. Hierdie woordbepaling omvat nie verpakte vleisprodukte (sigverpakte vleisprodukte), of produkte wat groente of graanstof, of albei, saam met vleis of eetbare afval, of albei, bevat nie indien die gehalte aan vleis of eetbare afval, of albei, in die eindproduk, of die gehalte aan voorbereide eenhede wat vleis of eetbare afval, of albei, bevat, in die eindproduk minder as 10 persent is. Dit omvat verder nie produkte wat as souse of vleissouse beskryf word nie.

Luguitdrywing.—Die verwydering van lug uit 'n houer en die inhoud daarvan.

Maer vleis, persent.—Vleisproteïenstikstof, persent x 30.

Oneetbare afval.—Van slagdiere in die algemeen: Alle dele van die dier, uitgesonderd been, wat nie deur die woordbepalings vir vleis of eetbare afval gedek word nie; van pluimvee: Die kop, lugpyp, longe, krop, derms, galblaas, eierleiers, oliekliere, skenkels en pote.

Pens.—Die geskraapte en kookwatergewaste pens op die geskraapte en kookwatergewaste netpens van herkouende slagdiere wat as voedsel gebruik word.

Permanent stabiele produk.—'n Produk wat op so 'n wyse met hitte behandel is dat die getal of aktiwiteit, of albei, van lewensvatbare mikroörganismes in so 'n mate verminder word dat baie min, indien enige, volgens die metodes wat in afdeling 12 aangegee word, bespeurbaar is, en waarin—mits dit nie herbesmet word nie—geen bederwing of toksisiteit van mikrobiese ontstaan bespeurbaar is nie, hoe lank of onder watter toestande die produk ookal bewaar word.

Persent (Persentasie).—Tensy anders aangedui of tensy dit teenstrydig met die teks is, massapersent (-persentasie).

Preserveer.—Om in 'n gesonde, eetbare toestand te hou deur agteruitgang te voorkom.

Produk.—Daardie bepaalde ingemaakte vleisproduk, aangedui deur die verband, wat voorberei is of wat voorberei word.

Slagdier.—Enige dier wat as voedsel gebruik word.

Totale vleis, persent.—Maer vleis, persent, plus vet, persent.

Tyd-temperatuurproses.—Die hittebehandeling, uitgedruk as tyd en temperatuur, wat by die verwerking van hittegepreserveerde produkte toegepas word voor of nadat die houer verseël is.

Vet.—Eetbare plantevet of eetbare dierevet.

Vleis.—Die gesonde skeletspierstelsel, met uitsondering van die spierstelsel van die lippe, snoet, kopvel en ore, van gesonde slagdiere, met of sonder verbindingsweefsel, bloedvate, limfatiese en senuweeweefsel, been, vet, kraakbeen, geskraapte vel (varke) en vel waaruit die vere verwyder is (pluimvee), wat van nature in die voorbereide karkas en kop met sodanige spierstelsel verbind is.

3. ALGEMENE VEREISTES VIR DIE FABRIEK EN VIR WERKNEMERS.

Indien 'n deel van die voorbereiding van 'n produk vir inmaak in 'n fabriek gedoen word wat nie die inmaakfabriek is nie, moet die betrokke fabriek voldoen aan die vereistes van afdeling 3.

Drained mass.—The mass of the contents of the container retained on a wire cloth sieve of nominal size of aperture 2,00 mm after equilibrium has been attained and after warming to 38 °C to liquefy filling medium and draining on the sieve for two minutes.

Edible offal.—Blood, brain, diaphragm (skirt), kidney, omentum (caul fat), pancreas, thymus, heart, oesophagus, tail, tongue, tripe, trotters, and liver of food animals and in addition in the case of poultry, giblets (the heart and the clean and stripped gizzard and the liver without the gall bladder).

Exhausting.—The removal of air from a container and its contents.

Fat.—Edible vegetable fat or edible animal fat.

Food animal.—Any animal used for food.

Idefinitely stable product.—A product thermally processed in such a way as to reduce the number or activity or both of viable micro-organisms to such an extent that very few, if any, are detectable by the methods given in section 12, and in which—provided that it is not recontaminated—no spoilage or toxicity of microbial origin is detectable no matter how long or under what conditions the product is stored.

Inedible offal.—Of food animals in general: With the exception of bone, all parts of the animal not covered by the definitions of meat and edible offal; of poultry: The head, trachea, lungs, crop, intestines, gall bladder, oviducts, oil gland, shanks and feet.

Lean meat, per cent.—Meat protein nitrogen, per cent x 30.

Meat.—The sound skeletal musculature, excluding the musculature of the lips, snout, scalp and ears, of healthy food animals, with or without connective tissue, blood vessels, lymphatic and nerve tissue, bone, fat, cartilage, scraped skin (pigs) and defeathered skin (poulty) that are naturally associated with such musculature *in situ* in the dressed carcase and head.

Per cent (percentage).—Per cent (percentage) by mass unless otherwise indicated, or inconsistent with the text.

Preserve.—To maintain in sound, edible condition by the prevention of deterioration.

Product.—The particular canned meat product indicated by the context, either prepared or in the course of preparation.

Semi-preserved and pasteurised products.—Products that for purposes of continuous preservation during storage have to be kept under refrigeration.

Time-temperature process.—The heat treatment, expressed in terms of time and temperature, applied in the processing of heat-preserved products before or after the container has been sealed.

Total meat, per cent.—Lean meat, per cent, plus fat, per cent.

Tripe.—The scraped and scalded rumen or the scraped and scalded reticulum of food animal ruminants used as food.

Washed mass.—The mass of the contents of the container retained on a wire cloth sieve of nominal size of aperture 2,00 mm after equilibrium has been attained and after gentle washing with water warmed if necessary to a temperature not exceeding 30 °C to remove adhering gravy, sauce, or other packing medium, and then draining on the sieve for 2 minutes.

3. GENERAL REQUIREMENTS FOR THE FACTORY AND FOR EMPLOYEES.

Where a part of the preparation of a product for canning is done at a factory other than the canning factory, the factory concerned shall comply with the requirements of section 3.

3.1 ALGEMENE VEREISTES VIR DIE FABRIEK. —Daar moet voldoen word aan die vereistes van die geldende Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk. Daarbenewens moet die fabriek, uitrusting en water wat by die voorbereiding van die produk gebruik word, aan die volgende vereistes voldoen.

3.1.1 *Konstruksie van en toestande in die fabriek.*

3.1.1.1 Die dak moet weerbestand wees. Daar moet stappe gedoen word om voëls uit te hou.

3.1.1.2 Die vloere moet van materiaal gemaak wees wat waterdig is. Hulle moet 'n oppervlakafwerking hê wat skoonmaak vergemaklik en moet 'n helling hê wat dreineer in buiteafvoerslootjies wat met rioolpype of afvoerkanale verbind is. Dreineervore moet in 'n goeie toestand wees en siwwe moet aangebring wees. Indien nodig, moet plankmatte van waterdigte materiaal vir werknemers verskaf word. Gedurende produksietye moet die vloer en die afvoerkanale skoongehou word. Na afloop van elke dag se produksie, moet vloere en afvoerkanale deeglik skoongemaak word. Installasies wat die vloei en skoonmaak belemmer, mag nie in die afvoerkanale aanwesig wees nie.

3.1.1.3 Die binnevlakke van die mure van verwerkingskamers moet waterdig wees en moet tot 'n hoogte van minstens 1,8 m bokant vloerhoogte 'n aanneemlike, gladde, ligkleurige, wasbare afwerking hê. Indien nodig, moet die binnevlakke onmiddellik na elke dag se werksaamhede deeglik afgewas word.

3.1.1.4 Daar mag nie toegelaat word dat rommel, afval en oorloop onhigiëniese toestande veroorsaak nie en dit moet doeltreffend en op higiëniese wyse weggeruim word.

3.1.1.5 Die algemene verligting moet sodanig wees dat werksaamhede tydens die vervaardiging, produksie, verwerking of behandeling van die produk doeltreffend kan geskied.

3.1.1.6 Die ventilasie moet oortollige stoom verwyder en skimmelgroei en die vorming van kondensaat voorkom. Indien nodig, moet die natuurlike ventilasie op meganiese wyse aangevul word.

3.1.1.7 Toereikende maatreëls moet getref word om skimmelgroei te verhinder en om te voorkom dat daar stof, vuiligheid, afskilferende verf of ander los of vreemde materiaal in die verwerkingsafdelings of in die bewaar-, koel- en verkoelkamers aanwesig is.

3.1.1.8 Insekbestryding moet stelselmatig toegepas word om vlieë en ander insekte uit die fabriek te hou.

3.1.1.9 Alle geboue waarin grondstowwe en bestanddele bewaar word of waarin die produk vervaardig of bewaar word, moet knaagdierdig wees en vry van knaagdiere gehou word.

3.1.1.10 Insek- en knaagdierdoders mag nie gebruik word terwyl verwerkingsprosesse aan die gang is nie. Werkvlakke moet vry van residu's van insek- en knaagdierdoders gehou word. Geen insek- en knaagdierdoders mag te eniger tyd met houers, grondstowwe of met die produk in aanraking kom nie.

3.1.1.11 Geen fabriekskoorsteen, berokingskamer of motoruitlaatpyp mag rook of damp afgee in hoeveelhede of op 'n wyse wat aanstootlik of wat nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is of wat in enige stadium van die voorbereiding van die produk besoedeling veroorsaak nie.

3.1.1.12 Installasies vir aanstootlike neweprodukte en afvalmateriaal moet in 'n gebou afsonderlik van die inmaakfabriek en sonder regstreekse toegang daartoe, gehuisves wees.

3.1.1.13 By gerieflike punte in die voorbereidings- of verwerkingsafdelings van die fabriek moet genoeg wasbakke met voldoende warm en koue lopende water, seep of detergentoplossing en papierhanddoeke of warmlugdroërs voorsien word.

3.1 GENERAL REQUIREMENTS FOR THE FACTORY.—The requirements of the current Factories, Machinery and Building Work Act shall be complied with. Further, the factory, equipment and the water used in the preparation of the product shall comply with the following requirements.

3.1.1 *Construction of, and conditions in the factory.*

3.1.1.1 The roof shall be weatherproof. Steps shall be taken to keep out birds.

3.1.1.2 The floors shall be constructed of material impervious to water. They shall have a surface finish that facilitates cleaning and shall be graded and drained to external gullies connected to sewers, or drains. Drains shall be in good condition and repair, with strainers in place. Where necessary, duck-boards of impervious material shall be provided for workers. During production periods the floor and the drainage channels shall be kept clean. At the close of each day's production, thorough cleaning of floors and drainage channels shall take place. Installations obstructing flow and cleaning shall not be present in drainage channels.

3.1.1.3 The inside surfaces of the walls of processing rooms shall be impervious to water and shall have an acceptable, smooth, light-coloured washable finish to a minimum height of 1,8 m above floor level. The inside surfaces shall, where necessary, be thoroughly washed immediately after each day's operations.

3.1.1.4 Litter, waste, and overflow shall not be allowed to give rise to unhygienic conditions and shall be disposed of in an efficient and hygienic manner.

3.1.1.5 General illumination shall be such as to permit efficient operations during the manufacture, production, processing, or treatment of the product.

3.1.1.6 The ventilation shall effect the removal of excess steam and prevent the growth of mould and the formation of condensate. Natural ventilation shall be augmented, if necessary, by mechanical means.

3.1.1.7 Adequate measures shall be taken to inhibit mould growth and to prevent dust, dirt, flaking paint, and other loose or extraneous material being present in the processing areas or in the storage, cold storage, and refrigeration rooms.

3.1.1.8 A system of insect control shall be maintained to keep the factory free from flies and other insects.

3.1.1.9 All buildings in which raw materials and ingredients are stored or in which the product is manufactured or stored shall be rodentproof and shall be kept free from rodents.

3.1.1.10 Insecticides and rodenticides shall not be used while processing is in operation. Working surfaces shall be kept free from insecticidal and rodenticidal residues. Insecticides and rodenticides shall at no time come into contact with containers, raw materials or the product.

3.1.1.11 No factory chimney, smoke-room, or motor exhaust shall emit smoke or fumes in a quantity or in a manner that is offensive, or injurious or dangerous to health, or that causes contamination at any stage in the preparation of the product.

3.1.1.12 Offensive by-product and reject material plants shall be in a building separate from the cannery and without direct access to it.

3.1.1.13 An adequate number of washbasins with an adequate supply of hot and cold running water, soap or detergent solution, and disposable towels or hot air dryers shall be provided at convenient points in the preparation and processing areas of the factory.

3.1.1.14 Die fabriek moet te alle tye skoon en in 'n higiëniese toestand gehou word. Diere mag in geen deel van die fabriek toegelaat word nie.

3.1.1.15 Ongekookte vleis of vleisprodukte mag nie aan hittebronne wat dit kan benadeel, blootgestel word terwyl dit hanteer, verwerk of bewaar word nie.

3.1.1.16 In die fabriek en op die fabrieksgrond mag geen handeling toegelaat word wat nadelig vir die vervaardiging, verwerking of behandeling van ingemaakte vleisprodukte is nie. Onhigiëniese toestande mag nie in die installasie, op die perseel of op die fabrieksgrond heers nie.

3.1.2 *Uitrusting.*

3.1.2.1 Alle installasies, uitrusting en gereedskap wat met die produk in aanraking kom, moet van metaal met 'n gladde oppervlak (wat 'n aanneemlike plastiekoppervlak kan hê en by voorkeur vlekvry moet wees) gemaak wees en moet 'n higiëniese ontwerp hê en op so 'n wyse geïnstalleer wees dat dit higiënies skoongemaak en ontsmet kan word. Dit mag nie in die vloer versink wees nie. Lood en loodlegerings, uitgesonderd soldeersel, mag nie by die maak van uitrusting wat in enige stadium van die vervaardiging van die produk met grondstowwe of die onbeskermde produk in aanraking kom, gebruik word nie.

Die tafelrame moet van korrosiebestande metaal gemaak wees of moet teen korrosie behandel wees en die blaaie moet van vlekvrye metaal of ander korrosiebestande, waterdigte materiaal met soortgelyke eienskappe gemaak wees. Indien snyplanke en -blokke gebruik word, moet hulle solied, glad en van sterk rubberplastiek of plastieksoorte gemaak wees en moet hulle van so 'n grootte en so gefatsoeneer wees dat hulle maklik skoongemaak en ontsmet kan word. Die blaaie van tafels moet vinnige en doeltreffende dreinering moontlik maak en moet vry wees van krake en barste. Alle lasse moet waterdig wees. Gereedskap wat vir die opvul van houers gebruik word, moet van vlekvrye metaal of van 'n plastiekmateriaal gemaak wees en moet 'n higiëniese ontwerp hê. Hulle moet van handvatsels voorsien wees. Rookkamers moet in 'n higiëniese toestand gehou word.

Alle oppervlakke van ysvervaardigende installasies wat met die ys in aanraking kom, moet van korrosiebestaande metaal wees. Die hele installasie moet 'n higiëniese ontwerp hê. Wanneer ys oorgeplaas word, moet dit altyd doeltreffend teen besmetting beskerm word.

3.1.2.2 Alle uitrusting vir hitteverwerking moet in 'n goeie toestand gehou word en moet voorsien wees van temperatuurkontroleertoestelle en termometers wat gereeld, minstens elke jaar gekalibreer moet word en die kalibreringsertifikate moet beskikbaar wees vir die owerheid wat hierdie spesifikasie toepas. Stoomretorte moet van die volgende toebehore voorsien wees:

(a) 'n Hand- of meganiese kontroleertoestel om die verwerkingstemperatuur akkuraat te hou;

(b) minstens een kwik-in-glas-aanwystermometer;

(c) 'n registreertermometer en tyd-temperatuurkaarte;

(d) 'n drukmeter;

(e) 'n lugklep of lugkleppe met 'n kraan of krane bo in die retort;

(f) 'n uitlaatklep in elke termometerhouer;

(g) minstens een uitlaatklep bo in die retort;

(h) indien 'n outomatiese kontroleertoestel gebruik word 'n stoomomloopleiding om die kontroleertoestel om 'n vinnige styging tot die verwerkingstemperatuur moontlik te maak; en

(i) 'n doeltreffende veiligheidsklep.

Retortmandjies wat onverwerkte produkte bevat moet op so 'n wyse geïdentifiseer wees dat verwarring tussen sodanige retortmandjies en dié wat verwerkte produkte bevat, voorkom word.

3.1.1.14 The factory shall be maintained in a clean and hygienic state. Animals shall not be allowed in any part of the factory.

3.1.1.15 Uncooked meat or meat products shall in the course of handling, processing and storage not be exposed to sources of heat that affect them adversely.

3.1.1.16 In the factory and its grounds no operation detrimental to the manufacture, processing, or treatment of canned meat products shall be permitted. Unhygienic conditions shall not exist in the plant, on the premises, or in the factory grounds.

3.1.2 *Equipment.*

3.1.2.1 All plant, equipment, and utensils coming into contact with the product shall be made of smooth-surfaced metal (which may have an acceptable plastics-coated surface and shall preferably be stainless) and shall be of hygienic design and so installed as to permit of hygienic cleaning and disinfection. They shall not be sunk into the floor. Lead and lead alloys other than solder shall not be used in the construction of equipment coming into contact with raw materials or the unprotected product at any stage of its manufacture. Table frames shall be made of corrosion-resistant metal or shall be treated against corrosion, and the tops shall be made of stainless metal or other corrosion-resistant impervious material prosessing similar characteristics. Cutting boards or blocks, where used, shall be solid and smooth and made of tough rubber-plastic or plastics and shall be of such size and shape as to facilitate cleaning and disinfecting. The tops of tables shall allow rapid and effective drainage and shall be free from cracks and crevices. All joints shall be made watertight. Utensils used for the topping-up of cans shall be made of stainless metal or of a plastics material and shall be of hygienic design. They shall be provided with handles. Smoke rooms shall be maintained in hygienic condition.

All surfaces of ice-making plant coming into contact with the ice shall be of corrosion-resistant metal. The plant shall be of hygienic construction throughout. Whenever ice is transferred it shall be effectively protected from contamination.

3.1.2.2 All heat-processing equipment shall be maintained in good order and shall be fitted with temperature control mechanisms and thermometers which shall be calibrated regularly, at least annually, and the calibration certificates shall be available to the authority administering this specification. Steam retorts shall be equipped with the following fittings:

(a) A controller, either manually or mechanically operated, to maintain the processing temperature accurately;

(b) at least one indicating mercury-in-glass thermometer;

(c) a recording thermometer, and time-temperature charts;

(d) a pressure gauge;

(e) a vent or vents with a tap or taps in the top of the retort;

(f) a bleeder in each thermometer pocket;

(g) at least one bleeder in the top of the retort;

(h) where an automatic controller is used, a steam by-pass around the controller to make a rapid rise to the processing temperature possible; and

(i) an effective safety valve.

Retort baskets containing unprocessed products shall be so identified as to obviate confusion between such retort baskets and those containing processed products.

3.1.2.3 Alle installasies, uitrusting en gereedskap moet in 'n goeie toestand en skoon gehou word. Skoonmaak- en ontsmettingsmateriaal, warm en koue lopende water wat aan die vereistes van 3.1.4.1 voldoen, waterslange, borsels en ander materiaal en uitrusting wat vir die skoonmaak van die installasie en gereedskap nodig is, moet beskikbaar wees. Die hele vervaardigings- en verwerkingstelsel, met inbegrip van gereedskap, moet elke maal wanneer daar 'n verandering in werksaamhede plaasvind, skoongemaak word. Aan die einde van werksaamhede moet die hele stelsel skoongemaak asook ontsmet word. Onmiddellik voor die aanvang van vervaardigingswerksaamhede, moet installasie en gereedskap met drinkbare water wat aan die vereistes van 3.1.4.1 voldoen afgespoel word.

3.1.2.4 Houers met voedselstowwe mag nie regstreeks op die vloer of opmekaar gestapel word nie, tensy die inhoud voldoende beskerm is.

3.1.2.5 Sae, ontbeenmesse, staalslypers en snyplanke moet 'n higiëniese ontwerp hê en, wanneer dit nie gebruik word nie, moet dit skoongemaak en in 'n ontsmettingsoplossing gehou of op 'n ander aanneemlike wyse ontsmet word. Warmwatersteriliseerders met 'n higiëniese konstruksie en wat die water by 'n minimum temperatuur van 82 °C kan hou vir die sterilisering, deur totale onderdompeling van sae, messe, staalslypers en ander uitrusting vir ontbening en die sny van vleis, moet in toereikende getalle beskikbaar en maklik bereikbaar wees en moet in 'n goeie werkende toestand gehou word. Die steriliseerders moet in 'n skoon, higiëniese toestand gehou word.

3.1.2.6 Die ontbening van rooivleiskarkasse en die opsny en voorbereiding van vleis vir inmaak, behalwe waar die aard van die proses dit onmoontlik maak, moet in werksafdelings met 'n temperatuur van hoogstens 15 °C plaasvind.

3.1.3 *Bewaarkamers.*

(a) Eetbare grondstowwe, uitgesonderd vleis en groente, moet in doeltreffende toe houers in 'n skoon en netjiese bewaarkamer, weg van die verwerkingsgebied gehou word, behalwe wanneer dit vir gebruik uitgereik word. Grondstowwe wat vir gebruik uitgereik is, moet behoorlik teen besoedeling beskerm wees.

(b) Houers, sluitings, kartonne en etikette vir die inmaak en verpakking van die produk moet in skoon, droë bewaarkamers wat vir dié doel gehou word, bewaar word.

(c) Nie-eetbare stowwe moet in 'n vertrek afgesonder van die ander bewaarkamers en die produksieafdeling van die fabriek gehou word.

(d) Klaar produkte vir versending moet in goed geventileerde, skoon vertrekke gehou word, maar nie regstreeks op die vloer nie.

(e) Klaar produkte wat nie aan die vereistes van hierdie spesifikasie voldoen nie, moet afsonderlik gepak word van klaar produkte wat aan die vereistes voldoen.

(f) Koelkamergeriewe moet doeltreffend werk en moet higiënies gehou word. Mure en vloere moet vogdig wees en maatreëls moet getref word om die afskilfering van oppervlakmeteriaal aan plafonne en mure te voorkom. Produkte in koelkamers mag nie regstreeks op die vloer gepak word nie.

(g) Eetbare rooivleisafval vir menslike verbruik—indien toepaslik, skoongemaak—mag, indien dit nie in afsonderlike koelkamers bewaar word nie, slegs in koelkamers wat vir die bewaring van karkasse gebruik word, bewaar word.

Geen eetbare afval wat nie skoongemaak is nie, mag in enige vertrek wat karkasse of skoongemaakte eetbare afval bevat, bewaar word nie. Geen oneetbare diereweefsel, hetsy skoongemaak of nie, mag in enige koelkamer wat vleis of eetbare afval bevat, bewaar word nie. Grondstowwe uitgesonderd vleis en eetbare afval wat in koel- of vrieskamers bewaar moet word, mag slegs in dieselfde vertrek as vleis en eetbare afval gehou word as dit voorberei en

3.1.2.3 All plant, equipment, and utensils shall be maintained in a state of good repair and shall be kept clean. Cleaning and disinfecting materials, hot and cold running water complying with the requirements of 3.1.4.1, hose-piping, brushes, and other materials and equipment necessary for the cleaning of the plant and utensils shall be available. The enture manufacturing and processing system, including utensils, shall be cleaned at each change of operations. At the end of operations the entire system shall be both cleaned and disinfected. Immediately before the commencement of manufacturing operations, plant and utensils shall be rinsed with potable water complying with the requirements of 3.1.4.1.

3.1.2.4 Containers holding food materials shall not be stacked directly on the floor or one upon the other unless the contents are adequately protected.

3.1.2.5 Saws, deboning knives, steels, and cutting boards shall be of hygienic design, and shall, when not in use, be cleaned and kept in a disinfectant solution, or disinfected by other acceptable means. Hot water sterilizers of hygienic construction and capable of maintaining the water at a minimum temperature of 82 °C, for the sterilization, by total submersion, of saws, knives, steels and other deboning or meat cutting equipment, shall be available in adequate numbers within easy reach and shall be in good working condition. The sterilizers shall be kept in clean, hygienic condition.

3.1.2.6 The deboning of red meat carcases and the cutting up and preparation of meat for canning, except where the nature of the process makes it impossible, shall be done in working areas the temperatures of which do not exceed 15 °C.

3.1.3 *Stores.*

(a) Except when issued for use, edible raw materials other than meat and vegetables shall be kept in effective closed containers in a clean and tidy store-room away from the processing area. When issued for use, the raw materials shall be wel protected from contamination.

(b) Containers, closures, cartons, and labels for the packing and packaging of the product shall be stored in clean, dry store-rooms reserved for the purpose.

(c) Non-edible materials shall be stored in a room apart from the other store-rooms and the production area of the factory.

(d) Finished products awaiting dispatch shall be stored, but not directly upon the floor, in well-ventilated clean rooms.

(e) Finished products found not to comply with the requirements of this specification shall be stacked apart from finished products that comply with the requirements.

(f) Cold storage facilities shall operate efficiently and shall be hygienically maintained. Walls and floors shall be impervious to moisture, and measures shall be taken to prevent the flaking of surface material on ceilings and walls. Products in cold storage shall not be stacked directly on the floors.

(g) Edible red meat offal for human consumption—cleaned, where applicable—if not cold-stored separately shall be stored only in cold rooms used for the storage of carcases. No uncleaned edible offal shall be stored in any room that contains carcases or cleaned edible offal. Inedible offal, whether cleaned or not, may not be stored in any cold room containing meat or edible offal. Raw materials other than meat and edible offal requiring cold or freezer storage shall only be stored in the same room as meat and edible offal if in a prepared and

netjies in higiëniese houers verpak is. Geen karkasse of bevrore vleis, hetsy toegedraai of nie, mag regstreeks op die vloer rus nie.

3.1.4. *Water.*

3.1.4.1 *Algemeen.*—Elke inmaakfabriek moet 'n voorraad skoon, drinkbare water gebruik, wat vry is van stowwe in suspensie en stowwe wat skadelik vir die produk of nadelig vir die gesondheid is. Die water moet op so 'n wyse behandel wees deur uitvlokking, filtrering, chlorering of volgens 'n aanneemlike alternatiewe proses dat voldoening aan die volgende vereistes verseker word:

(a) 95 persent van die totale getal monsters wat gedurende 'n besondere jaar getoets word, mag geen kolivormige organismes in 100 ml bevat nie. Indien kolivormige organismes in 'n monster gevind word, moet die monster wat geneem word onmiddellik nadat die toetse op die eerste monster afgehandel is, vry van kolivormige organismes wees.

(b) Geen monster mag *E. coli* in 100 ml bevat nie.

(c) Die totale getal lewensvatbare mikroörganismes mag nie 100 per ml oorskry nie.

Vir die doeleindes van waterontleding sluit die kolivormige groep alle gramnegatiewe, nie-spoorvormende stawe in wat laktose kan laat gis met die voortbring van suur en gas by 37 °C binne minder as 48 uur. *E. coli* word geag gram-negatiewe, nie-spoorvormende stawe te wees wat laktose kan laat gis met die voortbring van suur en gas by 37 °C sowel as 44 °C binne minder as 48 uur; dit produseer indool in peptoonwater met triptofaan en kan nie natriumsitraat as enigste bron van koolstof benut nie.

3.1.4.2 *Chlorinering van water vir verkoeling van houers.*—Water wat vir die verkoeling van houers gebruik word, maar wat nie gehersirkuleer word nie, moet deurlopend gechloreer word sodat dit minstens 2 d.p.m. vry oorblywende chloor, by die retortinlaat gemeet, bevat. Indien water vir die verkoeling van houers gehersirkuleer word, moet dit voor hersirkulasie behandel word om vaste stowwe te verwyder en moet dit dan gechloreer word om te verseker dat dit na 'n kontaktydperk van minstens 20 min. minstens 2 d.p.m. vry oorblywende chloor by die retortinlaat bevat.

In alle gevalle moet die konsentrasie vry oorblywende chloor met behulp van die 5-sekonde-ortotolidienflitstoets of 'n ander toets wat ewe sensitief is, bepaal word.

3.2 VEREISTES VIR WERKNEMERS BETROKKE BY DIE VOORBEREIDING EN VERWERKING VAN DIE PRODUK.

3.2.1 (a) Geen persoon wat ly aan, of die draer is van enige oordraagbare siekte, veral diarree, of ly aan enige toestand wat uitskeiding van etter of serum uit enige deel van die liggaam veroorsaak, mag toegelaat word om deel te neem aan die voorbereiding, verwerking, hantering of vervoer van vleis of vleisprodukte, of om in enige deel van die fabriek te werk waar vleis of vleisprodukte voorberei, verwerk, hanteer of vervoer word nie.

Enige sodanige persoonmoet hom onmiddellik by die bestuur aanmeld.

(b) Geen persoon, terwyl dit bekend is dat hy aangetas is deur 'n siekte wat deur voedsel oorgedra kan word, of dat hy 'n draer van sodanige ontsteking is, of terwyl hy aan ontsteekte wonde, sere of enige siekte ly, mag toegelaat word om in enige deel van die fabriek te werk in 'n hoedanigheid waarin dit waarskynlik is dat die persoon vleis of vleisprodukte met patogeenorganismes besmet nie.

(c) Enige mediese sertifikaat wat deur 'n werknemer van 'n fabriek voorgelê is, moet beskikbaar wees vir inspeksie deur die owerheid wat hierdie spesifikasie toepas.

neatly packaged form in hygienic containers. No carcase or frozen meat, whether wrapped or not, shall rest directly on the floor.

3.1.4 *Water.*

3.1.4.1 *General.*—Every cannery shall use a supply of clean potable water free from suspended matter and substances that are deleterious to the product or injurious to health. The water shall have been so treated by flocculation, filtration, chlorination, or acceptable alternative process as to ensure compliance with the following requirements:

(a) Throughout any year, 95 per cent of the total number of samples tested shall not contain any coliform organisms in 100 ml. Should coliform organisms be found in a sample, a consecutive sample taken immediately after the tests on the first sample have been completed shall be free from coliform organisms.

(b) No sample shall contain *E. coli* in 100 ml.

(c) The total count of viable micro-organisms shall not exceed 100 per ml.

For the purpose of water analysis the coliform group shall include all gram-negative, non-spore-forming rods capable of fermenting lactose with the production of acid and gas at 37 °C in less than 48 h. *E. coli* shall be regarded as a gram-negative, non-spore-forming rod capable of fermenting lactose with the production of acid and gas at both 37 °C and 44 °C in less than 48 h; it produces indole in peptone water containing tryptophane and is incapable of utilising sodium citrate as its sole source of carbon.

3.1.4.2 *Chlorination of water for container cooling.*—Water which is used for container cooling but is not recirculated shall be continuously chlorinated to contain a minimum of 2 p.p.m. of free residual chlorine measured at the retort inlet. Where water for container cooling is recirculated it shall, before recirculation, be treated to remove solids and then chlorinated to ensure after a contact period of at least 20 min a minimum free residual chlorine content of 2 p.p.m. at the retort inlet.

In all cases the free residual chlorine concentration shall be determined by the orthotolidine 5 second "flash" test or other test of equivalent sensitivity.

3.2 REQUIREMENTS FOR EMPLOYEES ENGAGED IN THE PREPARATION AND PROCESSING OF THE PRODUCT.

3.2.1 (a) No person who is suffering from, or who is a carrier of any communicable disease, notably diarrhoea, or is suffering from any condition causing discharge of pus or serum from any part of the body shall be allowed to engage in the preparation, processing, handling, or transportation of meat or meat products, or to work in any part of the factory where meat or meat products are prepared, processed, handled, or transported. Any such person shall immediately report to the management.

(b) No person while known to be affected with a disease capable of being transmitted through food, or known to be a carrier of such disease infection, or while afflicted with infected wounds, sores, or any illness, shall be permitted to work in any part of the factory in a capacity in which there is a likelihood of the person contaminating meat or meat products with pathogenic organisms.

(c) Any medical certificate submitted by an employee of a factory shall be available for inspection by the authority administering this specification.

(d) Geen persoon wat aan enige sny of besering ly, mag in enige fabriek by die voorbereiding, verwerking, hantering of vervoer van enige vleis of vleisproduk betrokke wees nie, tensy en totdat die sny of besering op so 'n wyse behandel of verbind is, dat die uitskeiding van bloed op die vleis of vleisproduk voorkom is.

3.2.2 Nog die werknemers se persoonlike besittings nog nulle voedsel mag in die voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsafdelings van die fabriek wees. Daar mag nie uit houers wat by die voorbereiding of by die inmaak van die produk gebruik word, gedrink word nie.

3.2.3 Dit is verbode om in die voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsafdelings van die fabriek te spuug en tabak in watter vorm ook al te gebruik.

3.2.4 Alle werknemers moet te alle tye skoon beskermende klere dra en skoon, wasbare pette of aanneemlike alternatiewe hoofbedekkings om hulle hare te bedek. Werknemers wat karkasse dra, moet skoon ligkleurige, waterdigte skouermantels en hoofbedekkings dra. Werknemers wat met die voorbereiding en verwerking van die produk werk moet ligkleurige beskermende klere dra. Waterdigte beskermende klere moet van plastiek of rubber of soortgelyke aanneemlike materiaal gemaak wees. Oorklere moet die werknemers se persoonlike klere bedek. Moue mag nie tot onderkant die elmboog reik nie tensy dit op aanneemlike wyse met plastiekoortrekmoue bedek is of wanneer dit in vries- en koelkamers gedra word. Alle beskermende klere moet van aanneemlik higiëniese ontwerp wees, moet heel gehou word en mag nie 'n bron van besoedeling van die produk wees nie. Beskermende klere mag nie in werkkamers gehou word nie; as dit nie gebruik word nie, moet dit in sluitkaste in kleedkamers gehou word en dit mag nie van die perseel verwyder word nie, behalwe om in higiëniese toestande gewas te word. Waterdigte beskermende klere moet skoongemaak word wanneer dit uitgetrek word en moet gedurende werkpouses en besoeke aan toiletgeriewe aan hake of penne by installasie-uitgange opgehang word.

3.2.5 Werknemers moet hulle vingernaels kort en skoon hou en moet voordat hulle begin werk en na elke afwesigheid uit die verwerkingsafdeling van die fabriek, hul hande met water en seep of in 'n detergentoplossing was. Geen naelvernis of -lak mag aan vingernaels gebruik word nie. Werknemers wat grondstowwe en die onbeskermde produk hanteer, mag geen juwele dra nie.

3.3 GERIEWE.—Toereikende kleedkamers, stortbaddens, wasbakke en waterklossette moet verskaf word. 'n Toereikende voorraad warm en koue lopende water, papierhanddoeke of warmlugdroërs, naelborsels, toiletpapier en seep of detergentoplossing moet vir werknemers beskikbaar wees. Die geriewe moet netjies en skoon gehou word. Sluitkaste moet voorsien wees, en die uitleg en uitrusting moet sodanig wees dat behoorlike skoonmaak- en instandhoudingswerk gedoen kan word. Die ventilasie moet toereikend wees. Daar moet aan die vereistes van die geldende Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk voldoen word.

4. VEREISTES VIR BESTANDDELE.

4.1 TOESTAND VAN BESTANDDELE.—Alle bestanddele moet skoon en gesond en in alle opsigte geskik vir menslike verbruik wees. Die temperatuur van voorbereide koue vleis en koue produkemulsies of -mengsels wat verwerk moet word, mag, waar dit prakties is, nie 7 °C oorskry nie. Bestanddele moet in higiëniese toestande vervoer word.

4.2 VLEIS, VET EN AFVAL.—Vleis, vet en eetbare afval moet ondersoek en goedgekeur wees as geskik vir menslike verbruik ooreenkomstig die statutêre bepalings betreffende die slag van diere, vleishigiëne en vleisinspeksie. Die gebruik van bevrore vleis en eetbare afval is toelaatbaar, mits dit in aanneemlike toestande bevries en

(d) No person who is suffering from any cut or injury shall be engaged in any factory in the preparation, processing, handling, or transportation of any meat or meat product unless and until the cut or injury has been so treated or dressed that the discharge of blood on to the meat or meat product has been prevented.

3.2.2 Neither workers' personal effects nor their food shall be present in the preparation, processing, and packing areas of the factory. Containers used in the preparation or in the canning of the product shall not be used for drinking purposes.

3.2.3 Spitting and the use of tobacco in any form shall be prohibited within the preparation, processing, and packing areas of the factory.

(g) Products containing liver or other edible offal (other than tripe) or both, and vegetable(s) (other than onion alone) or cereal or both, with or without packing medium	Not less than 25 per cent of the declared net mass of the contents of the container shall be liver or other edible offal (other than tripe) or both, as relevant.
(h) Products containing oxtail and vegetables or cereal or both, with or without packing medium	Not less than 25 per cent of the declared net mass of the contents of the container shall be oxtail with bone.
(i) Puddings containing meat of a specific sort, and vegetables or cereal or both, with or without a minor meat or edible offal ingredient, or puddings containing edible offal and vegetables or cereal or both, and similar packs	Not less than 25 per cent of the declared net mass of the contents of the container shall be meat or edible offal or both, as relevant, and, where the name of the minor edible offal or minor meat ingredient appears in the name of the product, the minor edible offal or minor meat ingredient shall constitute not less than 5 per cent of the declared net mass of the contents of the container.

Produktelys	*Vereistes*
	Die groentegehalte of die graanstofgehalte of die groente- en graanstofgehalte, soos toepaslik, van die deel van die produk wat in die pasteikors is, moet minstens 15 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer uitmaak.
(j) Produkte wat vleis (verduursaam of onverduursaam) en aartappels of ander groente(s), of graanstof, of albei, as soliede verpakking bevat	Minstens 50 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer moet vleis wees, soos deur chemiese ontleding bepaal.

6.3 GESNYDE SPEKVLEIS EN GESNYDE VERDUURSAAMDE VARKBLAD.

6.3.1 *Voorbereiding.*—Gesnyde spekvleis moet verduursaamde vleis wees wat uit die spekgedeelte van die vark voorberei word. Gesnyde, verduursaamde varkblad moet die verduursaamde vleis wees wat uit die blad van die vark voorberei is.

6.3.2 *Spekvleis.*—Vleis wat by die voorbereiding van spekvleis gebruik word, moet verkry word van die karkasse van jong sôe en burge wat geskik vir die maak van spek is.

6.3.3 *Verduursaming.*—Die produk moet behoorlik verduursaam word en kan gerook of ongerook wees.

6.3.4 *Verpakking.*—Die produk moet in die vorm van stroke van eenvormige grootte, dikte en fatsoen in houers verpak wees en kan skoon perkamentpapier, sellulosefilm of ander geskikte toedraaimateriaal tussen die lae hê. Die stroke moet maklik van mekaar geskei kan word.

6.3.5 *Voorkoms.*—Die produk moet 'n aantreklike voorkoms en kleur hê, moet met maer vleis deurspek wees of 'n goeie verhouding maer vleis tot vet bevat en moet sonder pitjiesrigheid, kneusplekke, roes, verkleuring en oormatige kraakbeen wees.

6.3.6 *Verduursamingsoute.*—Verduursamingsoute kan gebruik word (kyk 5.7).

6.3.7 *Volheid van houer.*—Die houer moet so vol as wat prakties moontlik is gevul word.

6.4 SOUTBEESVLEIS.

6.4.1 *Voorbereiding.*—Soutbeesvleis moet 'n soliede verpakking goed voorbereide beesvleis wees wat behoorlik verduursaam is en waarvan die totale vleisgehalte deur ontleding bepaal minstens 130 persent moet wees.

6.4.2 *Vleis.*—Die vleis wat gebruik word, mag slegs van die skeletspierstelsel van beeste afkomstig wees, en mag geen vleis van die kop, uitgesonderd die kaakspiere, of enige ander afval, uitgesonderd die diafragma (mantelvlies), insluit nie. Die vleis moet goed reggesny en feitlik sonder senings, pese en ander taai bindweefsels wees. Dunlies, mantelvlies (diafragma) en uitgesoekte dele van skenkels moet, indien dit gebruik word, goed reggesny wees en dit moet sodanig wees dat die gehalte aan bindweefsels van die eindproduk nie die voorkoms daarvan benadeel nie (kyk ook 4.2).

6.4.3 *Vet.*—Dermvet mag nie gebruik word nie.

6.4.4 *Vetgehalte.*—Soutbeesvleis mag slegs verpak word as—

(a) "Soutbeesvleis" sonder verdere omskrywing, en dan mag die vetgehalte hoogstens 20 persent wees, of

(b) "Maer soutbeesvleis" of "Maersnitsoutbeesvleis" en dan mag die vetgehalte hoogstens 15 persent wees; of

(c) "Spesiale maer soutbeesvleis", "Spesiale maersnitsoutbeesvleis", "Ekstra maer soutbeesvleis" of "Ekstra maersnitsoutbeesvleis" en dan mag die vetgehalte hoogstens 10 persent wees.

Woorde wat die naam omskryf moet in ooreenstemming wees met die toepaslike vereistes van die regulasies opgestel kragtens die geldende Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels.

Product category	*Requirements*
	The vegetable content or the cereal content or the vegetable and cereal content, as relevant, of the part of the product within the pie crust shall constitute not less than 15 per cent of the declared net mass of the contents of the container.
(j) Products containing meat (cured or uncured) and potato or other vegetable(s) or cereal or both as a solid pack	Not less than 50 per cent of the declared net mass of the contents of the container shall be meat, as determined by chemical analysis.

6.3 SLICED BACON AND SLICED CURED SHOULDER OF PORK.

6.3.1 *Preparation.*—Sliced bacon shall be cured meat prepared from the bacon strip of the pig. Sliced cured shoulder of pork shall be the cured meat prepared from the shoulder of the pig.

6.3.2 *Bacon.*—Meat used in the preparation of bacon shall be derived from the carcases of gilts and barrows suitable for the manufacture of bacon.

6.3.3 *Curing.*—The product shall be properly cured and may be smoked or unsmoked.

6.3.4 *Packing.*—The product shall be packed in containers in the form of rashers of uniform size, thickness, and shape, which may be interleaved with clean parchment paper, cellulose film, or other suitable wrapping material. The rashers shall be readily separable one from the other.

6.3.5 *Appearance.*—The product shall be of attractive appearance and colour, well streaked with lean meat or with a good proportion of lean to fat, and shall be free from seed, bruises, rust, discoloration and excessive cartilage.

6.3.6 *Curing salts.*—Curing salts may be used (see 5.7).

6.3.7 *Fill of container.*—The container shall be filled as full as is practicable.

6.4 CORNED BEEF.

6.4.1 *Preparation.*—Corned beef shall be a solid pack of prepared beef that has been properly cured and of which the total meat content determined by analysis is at least 130 per cent.

6.4.2 *Meat.*—The meat used shall be obtained only from the skeletal musculature of bovines, and shall not include meat from the head, the masseter muscles excepted, or any offal other than diaphragm (skirt). The meat shall be well trimmed and practically free from sinewes, tendons and other tough connective tissue. Thin flank, skirt (diaphragm), and selected portions of shins shall, if used, be well trimmed and such that the connective tissue content of the end product does not detract from its appearance (see also 4.2).

6.4.3 *Fat.*—Intestinal fat shall not be used.

6.4.4 *Fat content.*—Corned beef shall be packed only as—

(a) "Corned beef" without further qualification, in which case the fat content shall not exceed 20 per cent, or

(b) "Lean corned beef" or "lean-cut corned beef", in which case the fat content shall not exceed 15 per cent; or

(c) "Special lean corned beef", "Special lean-cut corned beef", "Extra lean corned beef", or "Extra lean-cut corned beef", in which case the fat content shall not exceed 10 per cent.

Words qualifying the title shall be in accordance with the relevant requirements of the regulations framed under the current Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act.

6.4.5 *Natuurlike bindmiddel.*—Hoogstens 5 persent natuurlike bindmiddel (kyk 4.21) van beeste afkomstig mag by die voorbereiding van soutbeesvleis gebruik word. Die aanwesigheid daarvan moet in gewone druk van minstens 6-puntmaat in die lys van bestanddele van die etiket verklaar word.

6.4.6 *Sout.*—Gewone sout kan by die voorbereiding van die produk bygevoeg word sodat dit 'n totale konsentrasie chloried, uitgedruk as natriumchloried, van hoogstens 3 persent bevat.

6.4.7 *Verduursamingsoute.*—Verduursamingsoute kan gebruik word (kyk 5.7).

6.4.8 *Gelatien, agar-agar en karboksimetielsellulose.*—Gelatien, agar-agar of karboksimetielsellulose kan by die voorbereiding van die produk gebruik word, met laasgenoemde twee in konsentrasies van onderskeidelik hoogstens 1,0 en 0,5 persent.

6.4.9 *Fosfaat.*—Geen fosfaat mag by die produk gevoeg word nie.

6.4.10 *Voorkoms, kleur en tekstuur.*—Die produk moet 'n aantreklike en taamlik eenvormige kleur en 'n vleistekstuur wat stewig en grof is, hê, in albei gevalle kenmerkend van hierdie tipe produk. Daar mag nie 'n oormatige afskeiding van vet, gelatienagtige stowwe of vog wees nie. Indien verkoel tot 10 °C, moet die produk snybaar wees.

6.5 SOUTBEESVLEIS MET GRAANSTOF.

6.5.1 *Voorbereiding.*—Soutbeesvleis met graanstof moet 'n soliede verpakking voorbereide en behoorlik verduursaamde beesvleis wees wat hoogstens 6 persent rustysel bevat en waarvan die maervleisgehalte minstens 80 persent, en die totale vleisgehalte minstens 95 persent is (albei waardes moet deur ontleding bepaal word).

6.5.2 *Vleis.*—Die vereistes in 6.4.2 is van toepassing.

6.5.3 *Natuurlike bindmiddel.*—Die vereistes in 6.4.5 is van toepassing.

6.5.4 *Vetgehalte.*—Die produk mag hoogstens 20 persent vet bevat. Dermvet mag nie gebruik word nie.

6.5.5 *Sout.*—Die vereistes in 6.4.6 is van toepassing.

6.5.6 *Verduursamingsoute.*—Verduursaamingsoute kan gebruik word (kyk 5.7).

6.5.7 *Gelatien en agar-agar.*—Hierdie bestanddele mag nie gebruik word nie.

6.5.8 *Fosfaat.*—Geen fosfaat mag by die produk gevoeg word nie.

6.5.9 *Voorkoms, kleur en tekstuur.*—Die produk moet 'n aantreklike, kenmerkende en taamlik eenvormige kleur en 'n kenmerkende, growwe tekstuur hê, sonder elastisiteit. Dit mag geen opvallende hoeveelheid fyngekapte of gemaalde vleis bevat nie. As dit tot 10 °C verkoel is, moet dit maklik snybaar wees. Vet wat afskei mag hoogstens 10 persent van die netto massa van die produk uitmaak en daar mag geen oormatige afskeiding van gelatienagtige stof of vog wees nie.

6.5.10 *Etikettering.*—Die produk moet sonder verdere omskrywing van die naam op die etiket aangegee word, òf as—

(a) "Soutbeesvleis met graanstof", en in dié geval moet al die woorde in druk van dieselfde grootte verskyn en moet ewe opvallend en in 'n kleur wees wat in duidelike teenstelling met die agtergrondkleur van die etiket is, òf as

(b) "Soutbeesvleis wat 6 persent graanstof bevat" of "Soutbeesvleis—bevat 6 persent graanstof" en in dié geval moet die woorde wat "soutbeesvleis" omskryf, onmiddellik onder "soutbeesvleis" verskyn in gewone druk, minstens die helfte van die grootte wat vir "soutbeesvleis" gebruik is, van minstens 10-puntmaat, en in 'n kleur wat in duidelike teenstelling met die agtergrondkleur van die etiket is.

6.4.5 *Natural binder.*—Not more than 5 per cent of natural binder (see 4.21) of bovine origin may be used in the preparation of corned beef. Its presence shall be declared in the ingredients panel of the label in plain type of not less than 6 point face measurement.

6.4.6 *Salt.*—In the preparation of the product, common salt may be added to give a concentration of total chlorides, expressed as sodium chloride, of not more than 3 per cent.

6.4.7 *Curing salts.*—Curing salts may be used (see 5.7).

6.4.8 *Gelatine, agar-agar and carboxymethyl cellulose.*—In the preparation of the product, gelatine, agar-agar or carboxymethyl cellulose may be used, the latter two in concentrations not exceeding 1,0 and 0,5 per cent respectively.

6.4.9 *Phosphates.*—Phosphates shall not be added to the product.

6.4.10 *Appearance, colour and texture.*—The product shall have an attractive and reasonably uniform colour, and a firm, coarse, meat texture characteristic (in both cases) of this type of product.

There shall be no excessive exudation of fat, gelatinous matter, or moisure. When chilled to 10 °C the product shall be sliceable.

6.5 CORNED BEEF WITH CEREAL.

6.5.1 *Preparation.*—Corned beef with cereal shall be a solid pack of prepared and properly cured beef containing not more than 6 per cent of crude starch and of which the lean meat content it at least 80 per cent and the total meat content at least 95 per cent (both values determined by analysis).

6.5.2 *Meat.*—The requirements given in 6.4.2. shall apply.

6.5.3 *Natural binder.*—The requirements given in 6.4.5 shall apply.

6.5.4 *Fat content.*—The product shall not contain more than 20 per cent of fat. Intestinal fat shall not be used.

6.5.5 *Salt.*—The requirements given in 6.4.6 shall apply.

6.5.6 *Curing salts.*—Curing salts may be used (see 5.7).

6.5.7 *Gelatine and agar-agar.*—These ingredients shall not be used.

6.5.8 *Phosphates.*—Phosphates shall not be added to the product.

6.5.9 *Appearance, colour and texture.*—The product shall have and attractive, characteristic and reasonably uniform colour and a characteristic coarse texture, free from springiness. There shall be no significant amount of finely chopped or minced meat present. When cooled to 10 °C, it shall be readily sliceable. Exuded fat shall not exceed 10 per cent of the net mass of the product, and there shall be no excessive exudation of gelatinous matter or moisture.

6.5.10 *Labelling.*—The product shall be labelled, without further qualification of the title, either as—

(a) "Corned beef with cereal", in which case all the words shall appear in type of the same size and prominence and in a colour that affords a distinct contrast to the background colour of the label, or as

(b) "Corned beef containing 6 per cent cereal" or "Corned beef—contains 6 per cent cereal", in which case the words qualifying "corned beef" shall appear immediately below "corned beef" in plain type of not less than half the size of that used for "corned beef" with a minimum size of 10 point face measurement, and in a colour that affords a distinct contrast to the background colour of the label.

6.6 SOUTVLEIS.

6.6.1 *Voorbereiding.*—Soutvleis moet 'n soliede verpakking voorbereide vleis met of sonder toelaatbare eetbare afval wees wat behoorlik verduursaam is en waarvan die maervleisgehalte minstens 60 persent en die totale vleisgehalte 80 persent is (albei waardes moet deur ontleding bepaal word).

6.6.2 *Vleis.*—Die vleis wat gebruik word moet vleis wees wat van die skeletspierstelsel van slagdiere afkomstig is. Die vleis moet goed reggesny en redelik vry van senings, pese en ander taai bindweefsels wees.

6.6.3 *Toelaatbare eetbare afval.*—Slegs die volgende eetbare afval mag gebruik word: Hart, tong, niere en pens. Die produk mag hoogstens 5 persent van enigeen van hierdie weefsels bevat en as hulle saam gebruik word, mag hoogstens 10 persent aanwesig wees. Hulle moet in gewone druk van minstens 6-puntmaat in die lys van bestanddele op die etiket aangegee word.

6.6.4 *Vetgehalte.*—Die vetgehalte van die produk mag hoogstens 25 persent wees.

6.6.5 *Natuurlike bindmiddel.*—Tot 10 persent natuurlike bindmiddel (kyk 4.21) kan by die voorbereiding van soutvleis gebruik word, behalwe dat in gevalle waar eetbare afval gebruik is, hoogstens 5 persent natuurlike bindmiddel gebruik mag word. Dit moet in gewone druk van minstens 6-puntmaat in die lys van bestanddele aangegee word.

6.6.6 *Sout.*—Natriumchloried kan by die voorbereiding van die produk bygevoeg word sodat dit 'n totale konsentrasie chloried, uitgedruk as natriumchloried, van hoogstens 3 persent bevat.

6.6.7 *Verduursamingsoute.* — Verduursamingsoute kan gebruik word (kyk 5.7).

6.6.8 *Gelatien of agar-agar.*—Gelatien of agar-agar kan by die voorbereiding van die produk gebruik word, laasgenoemde in 'n konsentrasie van hoogstens 1 persent.

6.6.9 *Fosfaat.*—Geen fosfaat mag by die produk gevoeg word nie.

6.6.10 *Voorkoms, kleur en tekstuur.*—Die produk moet 'n aantreklike en eenvormige kleur en 'n tekstuur hê wat in albei gevalle kenmerkend van hierdie tipe produk is. Dit kan 'n fyn tekstuur hê, maar mag nie 'n digte, elastiese tekstuur hê nie en mag nie papperig of klewerig wees by 15 °C nie.

6.6.11 *Soutvleis met graanstof.*—Hierdie produk moet aan die vereistes vir soutvleis voldoen, maar mag—

(a) hoogstens 5 persent rustysel, en

(b) hoogstens 5 persent bygevoegde natuurlike bindmiddel bevat.

6.6.12 *Etikettering.*

(a) Indien vleis gebruik is wat nie van beeste, varke, skape en bokke afkomstig is nie, moet die tipe vleis in die naam van die produk aangegee word en in alle gevalle moet die tipes vleis wat gebruik is, in die lys van bestanddele op die etiket aangegee word indien dit nie in die naam verskyn nie.

(b) Behoudens (a) hierbo, moet soutvleis sonder verdere omskrywing as "soutvleis" op die etiket aangegee word.

(c) Behoudens (a) hierbo, moet soutvleis met graanstof sonder verdere omskrywing op die etiket aangegee word as—

(1) "Soutvleis met graanstof" en in dié geval moet al die woorde in druk van dieselfde grootte verskyn en ewe opvallend en in 'n kleur wees wat in duidelike teenstelling met die agtergrondkleur van die etiket is, of

(2) "Soutvleis wat 5 persent graanstof bevat" of "Soutvleis—bevat 5 persent graanstof" en in dié geval moet die woorde wat "soutvleis" omskryf onmiddellik onder "soutvleis" verskyn in gewone druk, minstens die helfte van die grootte wat vir "soutvleis" gebruik is,

6.6 CORNED MEAT.

6.6.1 *Preparation.*—Corned meat shall be a solid pack of prepared meat with or without permitted edible offal that has been properly cured and of which the lean meat content is at least 60 per cent and the total meat content at least 80 per cent (both values determined by analysis).

6.6.2 *Meat.*—The meat used shall be meat obtained from the skeletal musculature of food anmials. The meat shall be well trimmed and reasonably free from sinews, tendons and other tough connective tissue.

6.6.3 *Permitted edible offal.*—Only the following edible offal may be used: Hearts, tongues, kidneys and tripe. Not more than 5 per cent of any one of these may be included in the product and where they are used in combination not more than 10 per cent shall be present. Their presence shall be declared in the ingredients panel of the label in plain type of not less than 6 point face measurement.

6.6.4 *Fat content.*—The fat content of the product shall not exceed 25 per cent.

6.6.5 *Natural binder.*—Up to 10 per cent of natural binder (see 4.21) may be used in the preparation of corned meat except that where edible offal is used, not more than 5 per cent of natural binder may be used. Its presence shall be declared in the ingredients panel of the label in plain type of not less than 6 point face measurement.

6.6.6 *Salt.*—In the preparation of the product, sodium chloride may be added to give a concentration of total chlorides, expressed as sodium chloride, of not more than 3 per cent.

6.6.7 *Curing salts.*—Curing salts may be used (see 5.7).

6.6.8 *Gelatine or agar-agar.*—In the preparation of the product, gelatine or agar-agar may be used, the latter in a concentration not exceeding 1 per cent.

6.6.9 *Phosphates.*—Phosphates shall not be added to the product.

6.6.10 *Appearance, colour and texture.*—The product shall have an attractive and uniform colour and texture characteristic, in both cases, of this type of product. It may be fine in texture, but shall not have a close, springy texture and shall not be soggy or doughy at 15 °C.

6.6.11 *Corned meat with cereal.*—This product shall comply with the requirements for corned meat except that—

(a) not more than 5 per cent of crude starch may be present, and

(b) added natural binder shall be limited to a maximum of 5 per cent.

6.6.12 *Labelling.*

(a) Where meat other than that derived from bovines, pigs, sheep and goats is used, the kinds of meat present shall be disclosed in the title of the product, and, in all cases, the kinds of meat used shall be declared in the ingredients panel of the label if they do not appear in the title.

(b) Subject to (a) above, corned meat shall be labelled as "corned meat" without further qualification.

(c) Subject to (a) above, corned meat with sereal shall be labelled, without further qualification, as—

(1) "Corned meat with cereal" in which case all the words shall appear in type of the same size and prominence and in a colour that affords a distinct contrast to the background colour of the label, or

(2) "Corned meat containing 5 per cent cereal" or "Corned meat—contains 5 per cent cereal" in which case the words qualifying "corned meat" shall appear immediately below "corned meat" in plain type of not less than half the size of that used for

maar van minstens 10-puntmaat en in 'n kleur wat in duidelike teenstelling met die agtergrondkleur van die etiket is.

6.7 HAM VERDUURSAAMDE VARKBLAD EN VERDUURSAAMDE SOLIEDVERPAKTE BEESVLEIS.

6.7.1 *Ham.*—Ham moet voorberei word uit die ham (agterkwart) van die vark wat verduursaam en ingemaak is en òf gepasteuriseer òf ten volle met hittebehandeling gepreserveer is. Die verhouding maer vleis tot vet wat dit bevat, moet minstens 9:1 wees, soos bepaal deur dit op die oppervlak reg te sny en te weeg. Die vet aan die buitekant van die ham moet eweredig versprei wees. In die geval van ham wat op die etiket as ontvette ham aangegee word, moet alle vet op die oppervlak sover moontlik weggesny word.

6.7.2 *Verduursaamde varkblad.*—Verduursaamde varkblad moet voorberei word uit die blad van die vark wat verduursaam en ingemaak en òf gepasteuriseer òf ten volle met hittebehandeling gepreserveer is. Die verhouding maer vleis tot vet van die produk moet minstens 4:1 wees, soos bepaal deur dit op die oppervlak reg te sny en te weeg. Die vet aan die buitekant van die produk moet eweredig versprei wees. Die woord "Ham" mag nie gebruik word om die produk te beskryf nie, en in die beskrywing moet al die woorde wat in die naam gebruik word, in gewone druk van dieselfde puntmaat gedruk word.

6.7.3 *Verduursaamde soliedverpakte beesvleis.* — Verduursaamde soliedverpakte beesvleis moet voorberei word uit beesvleis wat van die skeletspierstelsel afkomstig is wat verduursaam en ingemaak is en òf gepasteuriseer òf ten volle met hittebehandeling gepreserveer is. Dit mag geen oormatige druipvet bevat nie.

6.7.4 *Vleis.*—Vleis wat by die voorbereiding van ham of verduursaamde varkblad gebruik word, moet van die karkasse van jong sôe en burge tot by die spekstadium verkry word: Die karkasse van ou sôe en bere mag nie gebruik word nie. Geen vleis wat kneusplekke het, of sag of olierig is, mag gebruik word nie. Bevrore vleis moet by 'n temperatuur van hoogstens 12 °C bewaar gewees het.

6.7.5 *Fosfaat.*—Fosfaat kan gebruik word (kyk 5.8).

6.7.6 *Verduursaming.*—Die produk moet behoorlik verduursaam word en moet, indien nodig, deeglik skoongemaak word nadat dit verduursaam is en voordat dit verpak word.

6.7.7 *Beroking.*—Die produk kan gerook of ongerook wees.

6.7.8 *Regsny en verpakking.*—Die produk moet goed reggesny word en vry van been wees. Of die produk uit een of uit meer stukke vervaardig word, moet dit kompak wees en in skywe gesny kan word sonder om in stukkies te breek. Indien die produk in die vorm van saamgeperste stukkies is en die voorkoms en snybaarheid hierdeur belemmer word, moet hierdie feit, in ooreenstemming met die regulasies kragtens die geldende Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, opvallend in die hoofpaneel van die etiket verklaar word. Ham kan met swoerd verpak word, maar slegs indien die swoerd ongeskonde is en mits daar nie te veel swoerd aanwesig is nie en dit snybaar is.

Blad mag nie met swoerd verpak word nie.

Gelatien of agar-agar kan gebruik word om die natuurlike sappe te verdik, mits die konsentrasie in die geval van agar-agar nie meer as 2 persent is nie. Die sap in die houer moet verjel wees. Blad moet netjies gebind word.

6.7.9 *Voorkoms.*—As die produk uit die houer verwyder word, moet dit wesenlik dieselfde fatsoen as die houer hê en moet dit so vry moontlik wees van oppervlakholtes wat aanmerklik afbreuk doen aan die voorkoms. Die produk moet vry wees van kneusplekke, bloedkolle,

"corned meat" with a minimum size of 10 point face measurement and in a colour that affords a distinct contrast to the background colour of the label.

6.7 HAM, CURED SHOULDER OF PORK AND CURED SOLID PRESSED BEEF.

6.7.1 *Ham.*—Ham shall be prepared from the ham (gammon) of the pig that has been cured and canned and either pasteurised or rendered indefinitely stable by heat treatment. It shall have a lean to fat ratio, determined by surface trimming and weighing, of not less than 9:1. The fat on the outside of the ham shall be fairly evenly distributed. In the case of hams labelled as defatted ham, all surface fat shall, as far as practicable, have been trimmed off.

6.7.2 *Cured shoulder of pork.*—Cured shoulder of pork shall be prepared from the shoulder of the pig that has been cured and canned and either pasteurised or rendered indefinitely stable by heat treatment. This product shall have a lean to fat ratio determined by surface trimming and weighing, of not less than 4:1. The fat on the outside of the product shall be fairly evenly distributed. The description of this product shall not include the word "Ham" and in the description all the words used in the title shall appear in plain type of the same face measurement.

6.7.3 *Cured solid pressed beef.*—Cured solid pressed beef shall be prepared from skeletal musculature beef that has been cured and canned and either pasteurised or rendered indefinitely stable by heat treatment. It shall be free from excessive exuded fat.

6.7.4 *Meat.*—Meat used in the preparation of ham and cured shoulder of pork shall be derived from the carcases of gilts and barrows up to baconer stage: The carcases of old sows and boars shall not be used. Meat that is bruised, soft, or oily shall not be used. Frozen meat shall have been stored at a temperature not exceeding −12 °C.

6.7.5 *Phosphates.*—Phosphates may be used (see 5.8).

6.7.6 *Curing.*—The product shall be properly cured and shall, where necessary, be thoroughly cleaned after curing and before packing.

6.7.7 *Smoking.*—The product may be either smoked or unsmoked.

6.7.8 *Trimming and packing.*—The product shall be well trimmed and free from bone. Whether the product is manufactured from one or more pieces, it shall be compact and permit of slicing without breaking into pieces. Where the product is in the form of compressed pieces, and its appearance and sliceability suffer in consequence, this fact shall be conspicuously declared in the main panel of the label in compliance with the regulation under the current Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act. Gammon may be packed with rind but only if the rind is intact and provided that there is not excessive rind present and that it is sliceable. Shoulder may not be packed with rind. Gelatine or agar-agar may be used to solidify the natural juices provided that in the case of agar-agar the concentration does not exceed 2 per cent. The juices in the container shall be jellied. The tying of shoulders shall be neatly done.

6.7.9 *Appearance.*—Upon removal from the container the product shall have essentially the same shape as that of the container and shall be as free as is practicable from surface cavities that significantly affect its appearance. The product shall be free from bruises, blood

verkleuring, oppervlakbesoedeling of ander gebreke. Die vervaardigingsproses moet sodanig wees dat die produk 'n verduursaamde kleur en 'n kenmerkende tekstuur het.

6.7.10 *Vryheid van gebreke.*—Die produk moet vry wees van haarsakkies, los vet, los swoerd, kraakbeen en oppervlakkige kliere.

6.7.11 *Snybare massa.*—Die massa van die produk—nadat jellie wat daaraan vaskleef los vet en ander los materiaal, verwyder is—moet minstens 80 persent van die verklaarde netto massa wees in die geval van gepasteuriseerde ham, 75 persent in die geval van gepasteuriseerde, verduursaamde varkblad, en 65 persent in die geval van ham en verduursaamde varkblad wat permanent stabiel is. In die geval van verduursaamde soliedverpakte beesvleis moet die massa van die produk, nadat jellie wat daaraan vaskleef verwyder is, minstens 80 persent van die verklaarde netto massa wees.

6.7.12 *Volheid van houer.*—Die houer moet so vol moontlik gevul word.

6.7.13 *Gepasteuriseerde produkte.* — Gepasteuriseerde produkte moet onder verkoeling by 'n temperatuur van hoogstens 4,5 °C bewaar word. Die volgende woorde, of ander woorde ten effekte daarvan, moet opvallend in gewone druk van minstens 12-puntmaat vertoon word op die etiket van die houer van 'n gepasteuriseerde produk:

"Bederfbaar—hou onder verkoeling by 'n temperatuur van hoogstens 4,5 °C";

met dien verstande dat die woord "bederfbaar" in vet druk van minstens 18-puntmaat gedruk moet wees.

6.8 EETBARE VARKVET.

6.8.1 *Voorbereiding.*—Eetbare varkvet moet voorberei word deur die vars weefselvet van varke wat ten tyde van slagting in goeie gesondheid verkeer, uit te braai. Dit sluit nie herverwerkte varkvet of vet wat uit kaiings gepers is, in nie, en moet vry wees van vleis, veselweefsel en kaings.

6.8.2 *Galsterigheid.*—Die metode van verwerking moet sodanig wees dat die vet nie galsterig ruik of smaak nie.

6.8.3 *Vreemde vet.*—Die produk mag nie die uitgebraaide vet van 'n ander dier as die vark of enige ander vreemde vet of olie bevat nie.

6.8.4 *Volheid van houer.*—Behoudens die vereistes van die regulasies kragtens die geldende Wet op Mate en Gewigte, moet die houer so vol moontlik gevul word.

6.8.5 *Sout.*—Geen sout mag bygevoeg word nie.

6.8.6 *Fisiese en chemiese vereistes.*—Die produk moet so voorberei word dat dit aan die volgende vereistes voldoen:

6.8.6.1 *Jodiumgetal.*—Die Wijs-jodiumgetal moet tussen 52 en 68 wees.

6.8.6.2 *Brekingsindeks.*—Die brekingsindeks, by 60 °C bepaal, moet tussen 1,451 0 en 1,453 5 wees.

6.8.6.3 *Smeltpunt.*—Die smeltpunt, met 'n valpunttermometer bepaal, moet tussen 25 en 41 °C wees.

6.8.6.4 *Vrye vetsuur.*—Die gehalte aan vrye vetsuur, as oleïensuur bereken, mag hoogstens 0,6 persent wees.

6.8.6.5 *Versepingsgetal.*—Die versepingsgetal moet tussen 192 en 198 wees.

6.8.6.6 *Vog.*—Die voggehalte van die varkvet mag hoogstens 0,25 persent wees.

6.9 EETBARE UITGEBRAAIDE BEESVET.

6.9.1 *Voorbereiding.*—Eetbare uitgebraaide beesvet moet voorberei word deur die vars vet, uitgesonderd dermvet, van beeste wat ten tyde van slagting in goeie gesondheid verkeer, uit te braai. Die uitgebraaide vet moet vry van vleis en veselweefsel wees.

6.9.2 *Galsterigheid.*—Die metode van verwerking moet sodanig wees dat die vet nie galsterig ruik of smaak nie.

spots, discoloration, surface contamination and other forms of blemish. The manufacturing process shall be such as to ensure that the product has a cured colour and a texture that are characteristic.

6.7.10 *Freedom from defects.*—The product shall be free from hair follicles, loose fat, loose rind, gristle, cartilage and superficial glands.

6.7.11 *Sliceable mass.*—The mass of the product—freed from adhering jelly and loose fat, and other unattached material—shall be not less than 80 per cent of the declared net mass in the case of pasteurised hams, 75 per cent in the case of pasteurised cured shoulder of pork, and 65 per cent in the cases of ham and cured shoulder of pork that are indefinitely stable. In the case of cured solid pressed beef the mass of the product, freed from adhering jelly, shall be not less than 80 per cent of the declared net mass.

6.7.12 *Fill of container.*—The container shall be filled as full as is practicable.

6.7.13 *Pasteurised products.* — Pasteurised products shall be stored under refrigeration at a temperature not in excess of 4,5 °C. The label of the container of a pasteurised product shall bear the following statement, or an alternative statement to the same effect, prominently displayed:

"Perishable—keep under refrigeration at a temperature not exceeding 4,5 °C";

in plain type of not less than 12 point face measurement: Provided that the word "perishable" shall be in bold type of at least 18 point face measurement.

6.8 EDIBLE LARD.

6.8.1 *Preparation.*—Edible lard shall be prepared by heat-rendering the fresh tissue fat of pigs that are in good health at the time of slaughter. It shall not include reprocessed lard or pressings from crackling, and shall be free from flesh, fibrous tissue, and crackling.

6.8.2 *Rancidity.*—The method of processing shall ensure freedom from any odour or taste of rancidity.

6.8.3 *Foreign fat.*—The rendered fat of any animal other than the pig, and any other foreign fat or oil shall not be present in the product.

6.8.4 *Fill of container.*—Subject to the requirements of the regulations under the current Weights and Measures Act, the container shall be filled as full as practicable.

6.8.5 *Salt.*—No salt shall be added.

6.8.6 *Physical and chemical requirements.*—The product shall be so prepared that the following requirements are complied with:

6.8.6.1 *Iodine value.*—The Wijs iodine value shall be within the range 52-68.

6.8.6.2 *Refractive index.*—The refractive index, determined at 60 °C, shall be within the range 1,451 0-1,453 5.

6.8.6.3 *Melting point.*—The melting point, determined by a drop point thermometer, shall be within the range 25-41 °C.

6.8.6.4 *Free fatty acids.*—The free fatty acid content, calculated as oleic acid, shall not exceed 0,6 per cent.

6.8.6.5 *Saponification value.*—The saponification value shall be within the range 192-198.

6.8.6.6 *Moisture.*—The moisture content of the lard shall not exceed 0,25 per cent.

6.9 EDIBLE BEEF DRIPPING.

6.9.1 *Preparation.*—Edible beef dripping shall be prepared by heat-rendering the fresh fat, exclusive of intestinal fat, of bovines in good health at the time of slaughter. The dripping shall be free from flesh and fibrous tissue.

6.9.2 *Rancidity.*—The method of processing shall ensure freedom from any odour or taste of rancidity.

6.9.3 *Vreemde vet.*—Die produk mag nie die uitgebraaide vet van 'n ander dier as die bees of enige ander vreemde vet of olie bevat nie.

6.9.4 *Volheid van houer.*—Behoudens die bepalings van die regulasies kragtens die geldende Wet op Mate en Gewigte, moet die houer so vol moontlik gevul word.

6.9.5 *Sout.*—Geen sout mag bygevoeg word nie.

6.9.6 *Fisiese en chemiese vereistes.*—Die produk moet so voorberei word dat dit aan die volgende vereistes voldoen:

6.9.6.1 *Jodiumgetal.*—Die Wijs-jodiumgetal moet tussen 35 en 48 wees.

6.9.6.2 *Brekingsindeks.*—Die brekingsindeks, by 40 °C bepaal, moet tussen 1,456 6 en 1,458 7 wees.

6.9.6.3 *Smeltpunt.*—Die smeltpunt, met 'n valpunttermometer bepaal, moet tussen 40 en 46 °C wees.

6.9.6.4 *Vrye vetsuur.*—Die gehalte aan vrye vetsuur, as oleïensuur bereken, mag hoogstens 0,75 persent wees.

6.9.6.5 *Versepingsgetal.*—Die versepingsgetal moet tussen 193 en 205 wees.

6.9.6.6 *Vog.*—Die voggehalte van die uitgebraaide vet mag hoogstens 0,25 persent wees.

6.10 VLEISROL.

6.10.1 *Voorbereiding.*—Vleisrolle moet uit gekapte of fyngemaakte vleis voorberei word, met of sonder die byvoeging van toelaatbare eetbare afval, kruie en smaakmiddels, water, vet, stysel (meel-)materiaal (kyk 4.16), fosfaat, melkpoeier, eiers en ander toepaslike bestanddele.

6.10.2 *Natuurlike bindmiddel.*—Hoogstens 5 persent natuurlike bindmiddel mag gebruik word. Die aard van die natuurlike bindmiddel wat gebruik word, moet in ooreenstemming met die aard van die produk wees: Bindmiddel van varkvleis afkomstig, mag nie in 'n suiwer beesvleisproduk gebruik word nie en bindmiddel van beesvleis afkomstig, mag nie in 'n suiwer varkvleisproduk gebruik word nie.

6.10.3 *Toelaatbare eetbare afval.*—Slegs die volgende eetbare afval mag gebruik word: Bloed, hart, lewer, niere en tong (kyk 6.10.4). Bloed mag slegs by die voorbereiding van bloedwors gebruik word.

6.10.4 *Vereistes vir samestelling.*

6.10.4.1 *Ander vleisrolle as lewerrol.*

(a) Die vleisrol moet altesame minstens 75 persent vleis bevat;

(b) die vetgehalte van die rol mag hoogstens 35 persent van die werklike totale vleisgehalte uitmaak, maar in die geval van soutbeeslveisrol, mag die vetgehalte hoogstens 30 persent van die werklike totale vleisgehalte uitmaak;

(c) die rol mag hoogstens 6 persent ru-stysel bevat; en

(d) in ander vleisrolle as soutbeesvleisrol—wat geen hart, lewer, niere en tong mag bevat nie—kan hoogstens 5 persent van die totale vleisgehalte uit hart, lewer, niere of tong of enige mengsel daarvan bestaan, mits hierdie eetbare afval in gewone druk van minstens 6-puntmaat in die lys van bestanddele op die etiket aangegee word.

6.10.4.2 *Lewerrol.*

(a) Lewerrol moet 'n totale vleisgehalte van minstens 75 persent bevat;

(b) die lewergehalte van die rol moet minstens 25 persent wees;

(c) die vetgehalte van die rol mag hoogstens 40 persent van die werklike totale vleisgehalte wees;

(d) die rol mag hoogstens 6 persent ru-stysel bevat; en

(e) hoogstens 5 persent van die totale vleisgehalte kan uit hart, niere of tong of mengsel daarvan bestaan, mits hierdie eetbare afval in gewone druk van minstens 6-puntmaat in die lys van bestanddele op die etiket aangegee word.

6.9.3 *Foreign fat.*—The rendered fat of any animal other than the bovine, and any other foreign fat or oil shall not be present in the product.

6.9.4 *Fill of container.*—Subject to the requirements of the Regulations under the current Weights and Measures Act, the container shall be filled as full as practicable.

6.9.5 *Salt.*—No salt shall be added.

6.9.6 *Physical and chemical requirements.*—The product shall be so prepared that the following requirements are complied with:

6.9.6.1 *Iodine value.*—The Wijs iodine value shall be within the range 35-48.

6.9.6.2 *Refractive index.*—The refractive index, determined at 40 °C, shall be within the range 1,456 6-1,458 7.

6.9.6.3 *Melting point.*—The melting point, determined by a drop point thermometer, shall be within the range 40-46 °C.

6.9.6.4 *Free fatty acids.*—The free fatty acid content, calculated as oleic acid, shall not exceed 0,75 per cent.

6.9.6.5 *Saponification value.*—The saponification value shall be within the range 193-205.

6.9.6.6 *Moisture.*—The moisture content of the dripping shall not exceed 0,25 per cent.

6.10 MEAT ROLLS (MEAT LOAVES).

6.10.1 *Preparation.*—Meat rolls (meat loaves) shall be prepared from chopped or comminuted meat with or without the addition of permitted edible offal, seasoning and flavouring substances, water, fat, starchy (farinaceous) materials (see 4.16), phosphates, milk powder, eggs, and other appropriate ingredients.

6.10.2 *Natural binder.*—Not more than 5 per cent of natural binder may be used. The nature of the natural binder shall be in accordance with the nature of the product: Binder derived from pork shall not be used in a pure beef product nor shall binder derived from beef be used in a pure pork product.

6.10.3 *Permitted edible offal.*—Only the following edible offal may be used: blood, heart, liver, kidney, and tongue (see 6.10.4). The use of blood shall be limited to the preparation of bloodsausage.

6.10.4 *Composition requirements.*

6.10.4.1 *Meat rolls other than liver roll.*

(a) The product shall contain at least 75 per cent of total meat;

(b) the fat content of the roll shall not exceed 35 per cent of the actual total meat content except that in corned beef roll the fat content of the roll shall not exceed 30 per cent of the actual total meat content;

(c) the roll shall not contain more than 6 per cent of crude starch; and

(d) in meat rolls other than corned beef roll—in which heart, liver, kidney, and tongue shall not be used—not more than 5 per cent of the total meat content may consist of heart, liver, kidney, tongue or any mixture of these, provided that the presence of such edible offal is declared in the ingredients panel of the label in plain type of not less than 6 point face measurement.

6.10.4.2 *Liver roll.*

(a) Liver roll shall contain at least 75 per cent of total meat;

(b) the liver content of the roll shall be at least 25 per cent;

(c) the fat content of the roll shall not exceed 40 per cent of the actual total meat content;

(d) the roll shall not contain more than 6 per cent of crude starch; and

(e) not more than 5 per cent of the total meat content may consist of heart, kidney, or tongue or any mixture of these, provided that the presence of such edible offal is declared in the ingredients panel of the label in plain type of not less than 6 point face measurement.

6.10.4.3 *Vleisrol met garneersel.*—Indien 'n vleisrol garneersel bevat, is die gespesifiseerde vereistes vir vleisgehalte op die vleisdeel van toepassing.

6.10.5 *Verduursamingsoute.*—Verduursamingsoute kan gebruik word (kyk 5.7).

6.10.6 *Fosfaat.*—Fosfaat kan gebruik word (kyk 5.8).

6.10.7 *Agar-agar.*—Die produk mag hoogstens 0,2 persent agar-agar bevat.

6.10.8 *Bloedplasma.*—Behalwe in die geval van bloedwors, mag geen bloedplasma gebruik word nie.

6.10.9 *Voorkoms en tekstuur.*—Geen verkleuring wat afbreuk doen aan die voorkoms van die produk mag aanwesig wees nie. Nadat die produk uit die houer verwyder is, moet die buiteoppervlak daarvan sonder ongelykheid wees wat afbreuk doen aan die voorkoms. Daar mag slegs 'n effense afskeiding van vet, stysel of waterige materiaal wees.

Wanneer die produk verkoel is, moet dit snybaar wees. Behalwe in die geval van lewerrolle, mag die tekstuur van die produk nie klewerig of deegagtig wees nie.

6.10.10 *Smaak.*—Die produk moet 'n kenmerkende vleisagte smaak hê en moet vry wees van smake wat oorheersend speseryagtig of nie-vleisagtig is.

6.11 PLUIMVEE.

6.11.1 *Voorbereiding.*—Pluimvee moet uit hoender, eende, ganse, kalkoene of voëlwild voorberei word en moet, behoudens 6.11.3, verpak word as—

(a) slegs vleis, of
(b) opgensyde pluimvee, of
(c) heel pluimvee.

Met uitsondering van die wensbeen, wat wel toelaatbaar is, mag pluimvee wat as slegs vleis verpak word, geen bene bevat nie. Alle verpakkings moet vry wees van slagare en taai peesweefsels, maar in die geval van pluimvee wat heel verpak word, mag die twee hoofslagare wat na die skouers lei, asook sodanige peesweefsels wat uit die aard van die verpakking nie verwyder kan word nie, aanwesig wees. Pluimvee wat heel verpak word, mag nie misvorm wees nie. Eetbare afval kan ingesluit word, mits die ware aard van die produk op die etiket aangedui word.

6.11.2 *Regsny.*—Die produk moet glad reggesny word en mag nie gekneusde of verkleurde vleisdele bevat nie.

6.11.3 *Verpakking.*—Die produk moet verpak word—

(a) in 'n verjelde medium wat bygevoegde gelatien of agar-agar kan bevat om te help met die vorming van stywe jellie, mits die agar-agar nie 1 persent oorskry nie;
(b) in 'n geskikte sous- of vleissousmedium;
(c) in pluimveevet;
(d) in varkvet, in die geval van heel pluimvee; *of*
(e) met sous of garneersous en met of sonder groente of graanstof of albei.

6.11.4 *Gedreineerde massa en persentasie vleis.*

6.11.4.1 *Verpakkings sonder graanstof en groente.*—Tensy die produk in 'n voorbereide sousmedium of in natuurlike hoenderboeljon verpak word, moet die gedreineerde massa, uitgedruk as 'n persentasie van die verklaarde netto massa, soos volg wees:

(a) Verpakkings wat slegs vleis bevat: Minstens 70 persent.
(b) Opgesnyde soliede verpakkings (kyk 6.11.5): Minstens 65 persent.
(c) Verpakkings met heel pluimvee: Minstens 55 persent.
(d) Verpakkings van ingemaakte lewer en ingemaakte hart: Minstens 70 persent.

Indien die produk in 'n voorbereide sousmedium of in natuurlike hoenderboeljon verpak is, moet die gewaste massa minstens 55 persent van die verklaarde netto massa uitmaak.

6.11.4.2 *Verpakkings met groente of graanstof of albei.*—Die gewaste massa moet minstens 60 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer

6.10.4.3 *Meat rolls with garnish.*—Where a meat roll contains garnish, the specified meat content requirements shall be applicable to the meat constituent.

6.10.5 *Curing salts.*—Curing salts may be used (see 5.7).

6.10.6 *Phosphates.*—Phosphates may be used (see 5.8).

6.10.7 *Agar-agar.*—The product shall not contain more than 0,2 per cent of agar-agar.

6.10.8 *Blood plasma.*—Except in the case of blood sausage, blood plasma shall not be used.

6.10.9 *Appearance and texture.*—Discoloration detracting from the appearance of the product shall not be present. The exterior surface of the product after removal from the container shall be free from unevenness detracting from its appearance. Only slight separation of fat, starch, or aqueous material may be present.

When chilled the product shall be sliceable. Except in the case of liver rolls, the product shall not have a doughy or pasty texture.

6.10.10 *Flavour.*—The product shall have a characteristic meaty flavour and shall be free from a predominantly spicy or non-meaty flavour.

6.11 POULTRY.

6.11.1 *Preparation.*—Poultry shall be prepared from chicken, duck, goose, turkey, or game birds and, subject to 6.11.3, shall be packed as—

(a) flesh only, or
(b) dissected poultry, or
(c) whole poultry.

Except for the permissible inclusion of the wishbone, poultry packed as flesh only shall be free from bones. All packs shall be free from arteries and tough tendon tissues, except that in the case of whole poultry the two main arteries leading to the shoulders may be present as well as those tendon tissues which, because of the nature of the pack, cannot be removed. Whole poultry shall be free from deformities. Edible offal may be included provided that the product is so labelled as to disclose its true nature.

6.11.2 *Trimming.*—The product shall be cleanly trimmed and shall be free from bruised and discoloured portions of flesh.

6.11.3 *Packing.*—The product shall be packed—

(a) in a jellied medium which may, to help the formation of a firm jelly, contain added gelatine or agar-agar, the latter not in excess of 1 per cent;
(b) in a suitable sauce or meat juice medium;
(c) in poultry fat;
(d) in the case of whole poultry, in lard; *or*
(e) with sauces or dressings, and with or without vegetables or cereal or both.

6.11.4 *Drained mass and percentage of flesh.*

6.11.4.1 *Packs without cereal and vegetables.*—Unless the product is packed in a prepared sauce medium or in natural chicken broth, the drained mass, expressed as a percentage of the declared net mass, shall be as follows:

(a) All-flesh packs: At least 70 per cent.
(b) Dissected solid packs (see 6.11.5): At least 65 per cent.
(c) Whole poultry packs: At least 55 per cent.
(d) Canned liver and canned heart packs: At least 70 per cent.

Where the product is packed in a prepared sauce medium or in natural chicken broth, the washed mass shall be at least 55 per cent of the declared net mass.

6.11.4.2 *Packs with vegetables or cereal or both.*—The washed mass shall be at least 60 per cent of the declared net mass of the contents of the container. The mass of

wees. Die massa vleis in 'n verpakking wat geen bene behalwe die wensbeen, wat toelaatbaar is, bevat nie, moet minstens 25 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer wees. In 'n verpakking van opgesnyde pluimvee, moet die massa van die vleis met die been minstens 30 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer wees en die verhouding been tot vleis mag hoogstens 1:4 wees. Geen los bene mag aanwesig wees nie.

6.11.5 *Ledemate en ander bestanddele.*—In 'n verpakking met opgesnyde vleis moet die ledemate en ander bestanddele in die verpakking in dieselfde verhouding as dié in heel pluimvee wees.

Vlerke en ander bestanddele kan as sodanig verpak word, mits die produk van 'n etiket voorsien word wat die ware aard daarvan aandui. Die gedreineerde massa moet voldoen aan die vereistes vir verpakking met opgesnyde vleis wat in 6.11.4.1 of 6.11.4.2 aangegee word, soos toepaslik.

6.11.6 *Vryheid van gebreke.*—Die produk mag geen vere, met inbegrip van onontwikkelde vere, bevat nie. In die geval van pluimvee wat aan die been verpak word mag dit geen gevaarlike beensplinters bevat nie.

6.11.7 *Tekstuur.*—Die vleis of eetbare afval en die groente, indien aanwesig, moet 'n stewige maar sagte tekstuur hê. Hoenderpasteivulsel moet 'n aanneemlike deel sigbare spiervleis bevat en moet van 'n aanneemlike dik konsistensie wees.

6.12 WORSIES.

6.12.1 *Voorbereiding.*—Worsies moet voorberei word uit gemaalde vleis met of sonder die byvoeging van toelaatbare eetbare afval, kruie- en geurmiddels, water, vet, stysel- (meel-)materiaal, fosfaat melkpoeier, eiers en ander toepaslike bestanddele. Worsies moet in worsderm gestop word en kan daarna behandel word of nie, of moet andersins gefatsoneer word.

6.12.2 *Natuurlike bindmiddel.*—Hoogstens 5 persent natuurlike bindmiddel mag gebruik word. Die aard van die natuurlike bindmiddel moet in ooreenstemming met die aard van die produk wees: Bindmiddel van varkvleis afkomstig, mag nie in suiwer beeswors gebruik word nie en bindmiddel van beesvleis afkomstig, mag nie in 'n produk van suiwer varkvleis gebruik word nie.

6.12.3 *Toelaatbare eetbare afval.*—Slegs die volgende eetbare afval mag gebruik word: Hart, lewer, niere en tong (kyk 6.12.4.4).

6.12.4 *Vereistes vir samestelling.*

6.12.4.1 *Worsies in pekel, agar-agar of ander waterige medium of dit verjel is of nie.*

(a) Behoudens (b) hieronder, moet die samestelling, wat bepaal word deur ontleding van die ingemaakte worsies nadat dit op 'n sif met nominale openinggrootte van 2 mm gedreineer is en enige verpakkingsmedium wat daaraan vaskleef verwyder is, aan die toepaslike van die volgende vereistes voldoen:

1	2	3	4
Worstipe	Totale vleisgehalte, persentasie, min.	Vetgehalte as persentasie van werklike totale vleisgehalte, maks.	Ru-stylsel, persentasie, maks.
Varkwors	65	38	5
Beeswors	65	30	5
Wors van gemengde vleis	65	35	5
Weense worsies	65	25	5
Frankfurters	65	25	5

flesh in a pack that is bone-free, except for the permissible inclusion of the wishbone, shall be at least 25 per cent of the declared net mass of the contents of the container. In a pack containing dissected poultry the mass of flesh plus bone shall be at least 30 per cent of the declared net mass of the contents of the container, and the ratio of the bone to flesh shall not exceed 1:4. No free bone shall be present.

6.11.5 *Limbs and other constituent parts.*—In a dissected pack the limbs and other constituent parts present in the pack shall be in the same proportion as in whole poultry. Wings and other constituent parts may be packed as such provided that the product is so labelled as to disclose its true nature. The drained mass shall comply with the requirements for a dissected pack given in 6.11.4.1 or 6.11.4.2, as relevant.

6.11.6 *Freedom from defects.*—Feathers, including pin feathers, shall not be present in the product. In the case of poultry packed on the bone, dangerous splinters of bone shall not be present.

6.11.7 *Texture.*—The meat or edible offal and, where present, the vegetables shall have a firm but tender texture. Chicken pie filling shall contain an acceptable proportion of visible muscle meat and shall have an acceptably viscous consistency.

6.12 SAUSAGES.

6.12.1 *Preparation.*—Sausages shall be prepared from minced meat with or without the addition of permitted edible offal, seasoning and flavouring substances, water, fat, starchy (farinaceous) material, phosphates, milk powder, eggs, and other appropriate ingredients. Sausages shall be filled into casings with or without subsequent treatment or shall be otherwise formed into shape.

6.12.2 *Natural binder.*—Not more than 5 per cent of natural binder may be used. The nature of the natural binder used shall be in accordance with the nature of the product: Binder derived from pork shall not be used in a pure beef sausage nor shall binder derived from beef be used in a pure pork product.

6.12.3 *Permitted edible offal.*—Only the following edible offal may be used: Heart, liver, kidney, and tongue (see 6.12.4.4).

6.12.4 *Composition requirements.*

6.12.4.1 *Sausages in brine, agar-agar, or other aqueous medium, whether gelled or not.*

(a) The composition, determined by analysis of the canned sausages after they have been drained on a sieve of nominal size of aperture 2 mm and any adhering packing medium has been removed, shall, subject to (b) below, comply with the appropriate of the following requirements:

1	2	3	4
Type of sausage	Total meat content, percentage, min.	Fat content as percentage, of actual total meat content, max.	Crude starch, percentage, max.
Pork sausage	65	38	5
Beef sausage	65	30	5
Mixed meat sausage	65	35	5
Vienna sausage	65	25	5
Frankfurter sausage	65	25	5

(b) Indien die werklike totale vleisgehalte van die wors na ontleding minder as die gespesifiseerde minimum van 65 persent is, en die produk van die persentasie van die werklike totale vleisgehalte en die persentasie van die werklike gedreineerde massa, gedeel deur 100, 'n waarde van minstens 52 gee, word die produk as aanneemlik geag ten opsigte van die vleisgehalte.

6.12.4.2 *Wors in vet en wors sonder verpakkingsmedium.*—Die samestelling, wat bepaal word deur ontleding van die ingemaakte wors nadat enige vet wat as verpakkingsmedium gebruik is verwyder is deur dit versigtig af te skraap, moet aan die toepaslike van die volgende vereistes voldoen:

1	2	3	4
Worstipe	Totale vleisgehalte, persentasie, min.	Vetgehalte as persentasie van werklike totale vleisgehalte, maks.	Ru-stysel, persentasie, maks.
Varkwors.....	75	43	5
Beeswors.....	75	36	5
Wors van gemengde vleis	75	40	5

6.12.4.3 *Boerewors.*—Ten tyde van verpakking in die houer moet die totale vleisgehalte van boerewors minstens 90 persent wees en die gehalte aan maer vleis minstens 60 persent, albei deur ontleding bepaal.

6.12.4.4 *Gehalte aan toelaatbare eetbare afval.*—In die geval van ander wors as boerewors mag die produk hoogstens 5 persent lewer, niere, hart of tong bevat wat òf alleen òf gesamentlik in die produk gebruik kan word, mits die aanwesigheid van hierdie toelaatbare eetbare afval in gewone druk van minstens 6-puntmaat in die lys van bestanddele op die etiket verklaar word. Lewer, niere, hart en tong mag nie in boerewors gebruik word nie.

6.12.5 *Verduursamingsoute.*—Verduursamingsoute kan gebruik word (kyk 5.7).

6.12.6 *Bloedplasma.*—Geen bloedplasma mag gebruik word nie.

6.12.7 *Verpakkingsmedium.*—Ander wors as Weense worsies en Frankfurters kan verpak word in vet wat kenmerkend is van die vleis wat gebruik word, in pekel of in 'n medium wat hoogstens 2 persent agar-agar bevat.

Weense worsies kan verpak word in pekel wat 2-6 persent sout bevat of in 'n oplossing wat hoogstens 5 persent gelatien of 2 persent agar-agar bevat. Vir die verpakking van Frankfurters mag slegs pekel as medium gebruik word.

6.12.8 *Worsderm.*—Vark-, skaap- of sintetiese worsderm van goeie kwaliteit en in gesonde, higiëniese toestand kan gebruik word. Oneetbare sintetiese worsderm moet, sonder om opvallende merke aan die wors te veroorsaak, verwyder word voordat die wors ingemaak word.

6.12.9 *Eenvormigheid van grootte en fatsoen.*—Al die wors in enige houer moet taamlik eenvormig van grootte en fatsoen wees. Die eenhede mag nie 'n verwronge fatsoen hê nie en enige oopbars daarvan in die lengte en by die ente mag nie sodanig wees dat dit afbreuk doen aan die voorkoms van die produk nie. Worseenhede sonder worsderm moet heeltemal los wees van mekaar. Worseenhede mag nie dwarsgevul word nie. Dwarsgesnyde wors moet glad gesny wees, haaks op die langsas en ewewydig aan die syvlak.

(b) If the actual total meat content of the sausage on analysis is less than the specified minimum of 65 per cent and the product of the actual total meat content percentage and the actual drained mass percentage divided by 100 gives a value of at least 52, the product shall be regarded as acceptable in relation to meat content.

6.12.4.2 *Sausages in fat and sausages without packing medium.*—The composition, determined by analysis of the canned sausages after any fat, used as packing medium, has been removed by gentle scraping, shall comply with the appropriate of the following requirements:

1	2	3	4
Type of sausage	Total meat content, percentage, min.	Fat content as percentage of actual total meat content, max.	Crude starch, percentage, max.
Pork sausage.....	75	43	5
Beef sausage.....	75	36	5
Mixed meat sausage....	75	40	5

6.12.4.3 *Boerewors.*—At the time of packing into the container, boerewors shall contain not less than 90 per cent of total meat and not less than 60 per cent of lean meat, both determined by analysis.

6.12.4.4 *Content of permitted edible offal.*—In the case of sausages other than boerewors, not more than 5 per cent of liver, kidney, heart or tongue used either singly or in combination, may be included in the product, provided that the presence of such permitted edible offal is declared in the ingredients panel on the label in plain type of not less than 6 point face measurement. Liver, kidney, heart, and tongue shall not be used in boerewors.

6.12.5 *Curing salts.*—Curing salts may be used (see 5.7).

6.12.6 *Blood plasma.*—Blood plasma shall not be used.

6.12.7 *Packing medium.*—Sausages other than Viennas and Frankfurters may be packed in fat characteristic of the meat used, in brine, or in a medium containing not more than 2 per cent of agar-agar. Viennas may be packed in brine containing 2-6 per cent of salt, or in a solution containing not more than 5 per cent of gelatine or 2 per cent of agar-agar. Brine shall be the only medium used in the packing of Frankfurters.

6.12.8 *Casings.*—Hog, sheep, and synthetic casings, of good quality and in sound hygienic condition may be used. Non-edible synthetic casings shall be removed from the sausage, without significant marking of the sausage, before it is canned.

6.12.9 *Uniformity of size and shape.*—The sausages in any one container shall be reasonably uniform in size and shape. The units shall not be distorted in shape, and any splitting and end-bursting shall not be such as to detract from the appearance of the product. Skinless sausage units shall be completely separate one from the other. Cross-filling of units shall not be present. Cross-cut sausages shall be cleanly cut at right angles to the longitudinal axis and parallel to the lateral plane.

6.12.10 *Massa van verpakte Wors**.

(a) Die massa van wors in 'n houer, soos bepaal nadat dit ewewig bereik het en nadat dit 2 min lank op 'n sif met 'n nominale openinggrootte van 2 mm gedreineer het of nadat die verpakkingsmedium verwyder is of indien toepaslik, nadat albei hierdie prosesse uitgevoer is, moet behalwe soos volgens (b) hieronder toegelaat minstens 80 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer wees, behalwe dat—

(1) in die geval van Frankfurters, Weense worsies en Weense soepworsies, almal in natuurlike worsderm die gedreineerde massa minstens 60 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer moet wees mits die houer so vol moontlik met die wors gepak is. Indien in laasgenoemde geval die normale gedreineerde massa van 80 persent nie verkry kan word nie, moet die werklike massa van die wors in die houer, benewens die netto massa van die inhoud, op die etiket aangegee word in gewone druk van dieselfde puntmaat en opvallendheid as wat vir die netto massa gebruik word;

(2) in die geval van boerewors wat in ryk vleissous verpak is, moet die massa van die verpakte wors minstens 70 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer wees.

(b) Indien die werklike gedreineerde massa van wors wat verpak is soos in 6.12.4.1—uitsluitend Frankfurters, Weense worsies, en Weense snoepworsies wat so vol moontlik in die houer gepak is—minder is as die gespesifiseerde minimum van 80 persent, en indien die produk van die persentasie werklike gedreineerde massa en die persentasie werklik totale vleisgehalte (deur ontleding) gedeel deur 100 'n waarde van minstens 52 gee word die produk as aanneemlik geag ten opsigte van gedreineerde massa.

6.12.11 *Volheid van houer.*—Die houer moet so vol moontlik met die produk gevul word.

6.12.12 *Vryheid van gebreke.*—Die produk mag nie so gevlek of verkleur of die worsderm so erg geskeur wees dat dit afbreuk aan die gewone voorkoms daarvan doen nie; dit mag geen toiingrige ente gebarste en gebreekte eenhede en stukke oneetbare sintetiese worsderm bevat nie, en die produk mag nie afgeskeide vet bevat wat afbreuk aan die voorkoms daarvan doen nie.

6.13 STUKKIES EN OORSKIETSTUKKIES WEENSE WORSIES.

6.13.1 *Voorbereiding.*—Stukkies en oorskietstukkies Weense worsies moet voorberei word uit stukke Weense worsies wat aan die toepaslike vereistes van 6.12 voldoen. Indien stukkies en oorskietstukkies voor verpakking oornag of langer oorgehou word, moet dit onder verkoeling gehou word.

6.13.2 *Stukkies Weense worsies.*—Die eenhede moet ware, glad gesnyde stukkies Weense worsies wees en hulle moet 'n lengte van minstens 20 mm en hoogstens 25 mm hê. Hulle mag nie gevlek verkleur, toiingrig of gebreek wees nie, en die eenhede in enige houer moet, sover moontlik, eweredig in lengte wees. Die naam van die produk moet op die etiket as "Stukkies Weense Worsies" aangegee word en al die woorde moet ewe groot en opvallend gedruk wees.

6.13.3 *Stukkies Weense worsies, oneweredige grootte.*—Die eenhede moet ware, glad gesnyde stukkies Weense worsies wees. Hulle mag nie gevlek, verkleur, toiingrig of gebreek wees nie. Die eenhede in enige houer kan in lengte wissel van 20-40 mm. 'n A1- of A1T-blik mag hoogstens een stukkie met 'n platgedrukte of misvormde ent bevat. In die geval van groter houers hang die getal stukkies met sodanige ente af van die inhoudsvermoë van die houer in verhouding tot dié van die A1-blik.

* Die vereistes van hierdie afdeling is onderworpe aan voldoening aan die regulasies kragtens die geldende Wet op Mate en Gewigte.

6.12.10 *Mass of sausage in pack**.

(a) Except as allowed in terms of (b) below, the mass of sausage in a container determined after equilibrium has been attained and after draining for 2 min on a sieve of nominal size of aperture 2 mm or after the removal of packing medium or, when relevant, after carrying out both these procedures, shall be at least 80 per cent of the declared net mass of the contents of the container except that—

(1) in the case of Frankfurters, Viennas, and Cocktail Viennas packed, in all cases, in natural casings, and provided that the container was packed to practical capacity with sausages, the drained mass shall be at least 60 per cent of the declared net mass of the contents of the container. In this latter case where the normal drained mass of 80 per cent cannot be achieved, the actual mass of sausages in the container shall be declared on the label, in addition to the net mass of the contents, in plain type of the same size and prominence as that used for the net mass;

(2) in the case of boerewors packed in rich gravy the mass of sausage packed shall be at least 70 per cent of the declared net mass of the contents of the container.

(b) If the actual drained mass of sausages packed as in 6.12.4.1—Frankfurters, Viennas, and Cocktail Viennas packed to practical capacity in the container excluded —is less than the specified minimum of 80 per cent and the product of the actual drained mass percentage and the actual total meat content percentage (by analysis) divided by 100 gives a value of at least 52, the product shall be regarded as acceptable in relation to drained mass.

6.12.11 *Fill of container.*—The container shall be filled to practical capacity with the product.

6.12.12 *Freedom from defects.*—Staining, discoloration, serious rupturing of casings that detract from the normal appearance of the product, ragged ends, burst and broken units, and pieces of non-edible synthetic casings, shall not be present, and the product shall be free from exuded fat that detracts from its appearance.

6.13 VIENNA PIECES AND VIENNA OFF-CUTS.

6.13.1 *Preparation.*—Vienna pieces and Vienna off-cuts shall be prepared from portions of Vienna sausages that comply with the applicable requirements of 6.12. If held overnight or longer before packing, pieces and off-cuts shall be kept under refrigeration.

6.13.2 *Vienna pieces.*—The units shall be true clean-cut portions of Vienna sausages, and their length shall be not less than 20 mm and not more than 25 mm. They shall not be stained, discoloured, ragged, or broken, and in any one container the units shall, as far as practicable, be of uniform length.

The product shall be labelled "Vienna pieces" and both words shall appear in print of the same size and prominence.

6.13.3 *Vienna pieces, irregular in size.*—The units shall be true, clean-cut portions of Vienna sausages. They shall not be stained, discoloured, ragged, or broken. In any one container the units may vary in length from 20-40 mm. There shall not be more than one flattened or malformed end per A1 or A1T can. For larger sizes of containers the count of such ends shall be proportionate to the volume capacity of the container relative to the A1 can.

* The requirements of this section are subject to compliance with the Regulations under the current Weights and Measures Act.

Die naam van die produk moet op die etiket as "Stukkies Weense Worsies, Oneweredige Grootte" aangegee word en al die woorde moet ewe groot en opvallend gedruk wees.

6.13.4 *Oorskietstukkies Weense worsies, oneweredige grootte en fatsoen.*—Die eenhede moet oorskietstukkies Weense worsies wees en kan platgedrukte of misvormde entgedeeltes bevat, maar dit mag nie gevlek of verkleur wees nie en mag geen toiingrige entgedeeltes bevat nie. Die eenhede kan in lengte wissel van 10-40 mm en kan verskil in fatsoen.

Die naam van die produk moet op die etiket as "Oorskietstukkies Weense worsies, oneweredige grootte en fatsoen" aangegee word en al die woorde moet ewe groot en opvallend gedruk wees.

6.13.5 *Algemeen.*—Alle ander vereistes in 6.12 wat toepaslik is op Weense worsies, geld vir die verpakkings in 6.13.2, 6.13.3 en 6.13.4 beskryf.

6.14 TONG.

6.14.1 *Voorbereiding.*

(a) Tong moet uit die behoorlik verduursaamde tong van slagdiere voorberei word, en die ware aard van die tong moet op die etiket aangedui word.

(b) Tong moet netjies reggesny wees en moet vry van been, strotkleppe, uitwendige vet, kliere en, in die geval van beestong, vel, wees, Tong kan òf vooraf òf in die houer gekook word, of albei. Beestong kan in die lengte gesny word. Dit kan by die wortelent reggesny word sodat dit in die houer pas. Slegs een bykomende los stukkie tong kan bygevoeg word, om die korrekte massa te verkry.

6.14.2 *Verduursamingsoute.*—Verduursamingsoute kan gebruik word (kyk 5.7).

6.14.3 *Verpakkingsmedium.*—Tong kan verpak word in pekel of in 'n medium wat uit beenekstrak voorberei is, met of sonder die byvoeging van gelatien of agar-agar, of albei, of in 'n medium wat uit gelatien of agar-agar, of albei voorberei is of in enige ander aanneemlike medium. Die agar-agargehalte van die verpakkingsmedium mag hoogstens 2 persent wees. Die voorkoms van die inmaakmedium moet kenmerkend wees.

6.14.4 *Massa van tong in 'n verpakking.*—Die massa van die tong in 'n houer, bepaal nadat dit verwarm en op 'n sif met 'n nominale openinggrootte van 2 mm gedreineer is, of nadat die verpakkingsmedium wat daaraan vaskleef, verwyder is—indien nodig onder 'n stadige watersproei—of, indien toepaslik, nadat albei hierdie prosesse uitgevoer is, moet minstens 80 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer wees.

6.15 TONGSKYWE.

6.15.1 *Voorbereiding.*

(a) Tongskywe moet bestaan uit skywe behoorlik verduursaamde tong van 'n slagdier en die ware aard van die tong moet op die etiket aangedui word.

(b) Die skywe moet verkry word van tong wat voorberei is volgens 6.14.1(b). Die skywe in enige produksielot moet feitlik ewe dik wees en mag hoogstens 10 mm dik wees.

6.15.2 *Verduursamingsoute.*—Verduursamingsoute kan gebruik word (kyk 5.7).

6.15.3 *Verpakkingsmedium.*—Die produk kan volgens 6.14.3 in sous, vleissous of garneersous verpak word.

6.15.4 *Massa van tong in 'n verpakking.*—Die massa van die tong in 'n houer bepaal nadat dit verwarm en op 'n sif met 'n nominale openinggrootte van 2 mm gedreineer is, of nadat die verpakkingsmedium wat daaraan vaskleef verwyder is—indien nodig onder 'n stadige watersproei—of nadat albei hierdie prosesse uitgevoer is, moet in die geval van tongskywe volgens

The product shall be labelled "Vienna pieces, irregular in size" and all the words shall appear in print of the same size and prominence.

6.13.4 *Vienna off-cuts, irregular in size and shape.*—The units shall be off-cut portions of Vienna sausages and may have flattened or malformed end portions but shall not be stained or discoloured, and ragged ends shall not be present. The units may vary in length from 10-40 mm and may vary in shape.

The product shall be labelled "Vienna off-cuts, irregular in size and shape" and all the words shall appear in print of the same size and prominence.

6.13.5 *General.*—All other requirements given in 6.12 and relevant to Vienna sausages shall apply to the packs described in 6.13.2, 6.13.3 and 6.13.4.

6.14 TONGUE.

6.14.1 *Preparation.*

(a) Tongue shall be prepared from the properly cured tongue of food animals, and the product shall be so labelled as to indicate the true nature of the tongue.

(b) Tongue shall be neatly trimmed, and shall be free from bone, epiglottis, external fat, glands, and, in the case of ox tongue, skin. Tongue may be either pre-cooked or cooked in the container or both. Ox tongue may be longitudinally cut. It may be trimmed at the root end, so that it fits the container. Only one additional loose portion of tongue may be added to make up mass.

6.14.2 *Curing salts.*—Curing salts may be used (see 5.7).

6.14.3 *Packing medium.*—Tongue may be packed in brine or in a medium prepared from bone stock with or without the addition of gelatine or agar-agar or both, or in a medium prepared from gelatine or agar-agar or both, or in any other acceptable medium. The agar-agar content of the packing medium shall not exceed 2 per cent. The canning medium shall be characteristic in appearance.

6.14.4 *Mass of tongue in a pack.*—The mass of the tongue in a container, determined after warming and draining on a sieve of nominal size of aperture 2 mm, or after removing adhering packing medium—if necessary under a gentle spray of water—or when relevant after carrying out both these procedures, shall be at least 80 per cent of the declared net mass of the contents of the container.

6.15 TONGUE SLICES.

6.15.1 *Preparation.*

(a) Tongue slices shall consist of slices of the properly cured tongue of a food animal, and the product shall be so labelled as to indicate the true nature of the tongue.

(b) The slices shall be obtained from tongue prepared in accordance with 6.14.1 (b). The slices in any production lot shall be practically uniform in thickness with a maximum thickness of 10 mm.

6.15.2 *Curing salts.*—Curing salts may be used (see 5.7).

6.15.3 *Packing medium.*—The product may be packed in accordance with 6.14.3 or with sauce, gravy, or dressing.

6.15.4 *Mass of tongue in a pack.*—The mass of the tongue in a container, determined after warming and draining on a sieve of nominal size of aperture 2 mm, or after removing adhering packing medium—if necessary under a gentle spray of water—or after carrying out both these procedures, shall in the case of tongue slices packed in accordance with 6.14.3, be at least 70 per cent

6.14.3 verpak, minstens 70 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer en in die geval van tongskywe in sous, vleissous, of garneersous, minstens 50 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer wees.

6.16 VLEISPASTA, POTJIESVLEIS EN GEKAPTE VLEIS.

6.16.1 *Voorbereiding.*—Vleispasta en potjiesvleis moet voorberei word uit vleis met of sonder eetbare afval (kyk 6.16.2) wat so fyngemaak is dat dit 'n smeerbare pasta vorm, met of sonder die byvoeging van tamatie, stysel-(meel-)materiaal en ander toepaslike bestanddele. Daar mag geen been in watter vorm ookal in die produk gebruik word nie behalwe dat indien heel gerede pluimvee in die voorbereiding van hoender- en soortgelyke pastas wat uit pluimvee verkry word, gebruik word, gemaalde been aanwesig kan wees mits dit op geen wyse afbreuk doen aan die kwaliteit van die eindprodukt nie en mits daar nie meer been gebruik word as wat gewoonlik aanwesig is nie. Gekapte vleis moet verduursaamde gekapte vleis wees wat as 'n soliede verpakking sonder die byvoeging van stysel-(meel-)materiaal voorberei is.

6.16.2 *Eetbare afval.*—Indien eetbare afval by die vervaardiging van die produk gebruik word, moet die aanwesigheid daarvan in die naam van die produk verklaar word.

6.16.3 *Natuurlike bindmiddel.*—Hoogstens 5 persent natuurlike bindmiddel kan in potjiesvleis en in ander pasta as lewerpasta gebruik word. Dit mag nie in lewerpasta of in gekapte vleis gebruik word nie.

6.16.4 *Vereistes vir samestelling.*

6.16.4.1 *Vleispasta.*—Indien daar in die naam van die produk aangegee word dat dit tamaties bevat, moet die totale vleisgehalte deur ontleding bepaal minstens 65 persent wees, en die vetgehalte mag hoogstens 40 persent van die werklike totale vleisgehalte wees. In ander gevalle moet die produk 'n totale vleisgehalte van minstens 75 persent bevat, en behalwe in lewerpasta, mag hoogstens 40 persent van die werklike totale vleisgehalte vet wees. Lewerpasta moet minstens 25 persent lewer bevat en hoogstens 45 persent van die werklike totale gehalte aan vleis en eetbare afval mag vet wees. Behoudens die regulasies kragtens die geldende Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels en die voorwaarde met betrekking tot die gebruik van soja en ander vreemde proteïene (kyk 4.16) kan melkpoeier en eiers gebruik word. Die produk mag hoogstens 6 persent rustysel bevat. Kleurstowwe kan gebruik word.

6.16.4.2 *Potjiesvleis.*—Die produk moet 'n totale vleisgehalte van minstens 95 persent bevat deur ontleding bepaal en hoogstens 37 persent van die werklike totale vleisgehalte mag vet wees.

6.16.4.3 *Gekapte vleis.*—Die produk moet 'n totale vleisgehalte van minstens 95 persent bevat deur ontleding bepaal en hoogstens 37 persent van die werklike totale vleisgehalte mag uit vet bestaan, uitgesonderd in die geval van 'n varkvleisproduk. In 'n varkvleisproduk mag hoogstens 42 persent van die werklike totale vleisgehalte, vet wees.

6.16.5 *Verduursamingsoute.*—Verduursamingsoute kan gebruik word (kyk 5.7).

6.16.6 *Fosfaat.*—Fosfaat kan gebruik word (kyk 5.8).

6.16.7 *Tekstuur en voorkoms.*—Die tekstuur van pasta en potjiesvleis moet sodanig wees dat dit maklik gesmeer kan word en dit moet vry wees van sanderigheid en grint. Die inhoud van 'n houer moet deurgaans redelik eenvormig wees en dit moet redelik vry wees van lugblasies. Die produk moet redelik vry wees van afgeskeide vet, stysel of waterige materiaal. Die produk mag geen ander verkleuring as 'n effense oppervlakverkleuring as

of the declared net mass of the contents of the container, and in the case of tongue slices packed in a sauce, gravy, or dressing, at least 50 per cent of the declared net mass of the contents of the container.

6.16 MEAT PASTE, POTTED MEAT, AND CHOPPED MEAT.

6.16.1 *Preparation.*—Meat paste and potted meat shall be prepared from meat—with or without edible offal (see 6.16.2)—that has been so comminuted as to form a spreadable paste, with or without the addition of tomato, starchy (farinaceous) material, and other appropriate ingredients. Bone shall not be used in any form in the product except that, when whole dressed poultry is used in the preparation of chicken and similar pastes derived from poultry, milled bone may be present provided that it does not detract from the quality of the end product in any way and that bone in excess of that normally present is not used. Chopped meat shall be cured chopped meat, prepared as a solid pack without the addition of starchy (farinaceous) material.

6.16.2 *Edible offal.*—Where edible offal is used in the manufacture of the product, its presence shall be declared in the title of the product.

6.16.3 *Natural binder.*—In potted meat and in pastes other than liver paste, not more than 5 per cent of natural binder may be used. It shall not be used in liver paste or in chopped meat.

6.16.4 *Composition requirements.*

6.16.4.1 *Meat pastes.*—Where the product is described in the title as containing tomato, the total meat content determined by analysis shall be at least 65 per cent and the fat content shall not exceed 40 per cent of the actual total meat content. In other cases the product shall contain at least 75 per cent of total meat, and, except in liver paste, not more than 40 per cent of the actual total meat content shall be fat. Liver paste shall contain not less than 25 per cent of liver and not more than 45 per cent of the actual total meat and edible offal content shall be fat. Subject to the Regulations under the current Foodstuffs, Comestics and Disinfectants Act and the conditions governing the use of soya and other foreign protein (see 4.16), milk powders and eggs may be used. The product shall not contain more than 6 per cent of crude starch. Colouring substances may be used.

6.16.4.2 *Potted meat.*—The product shall contain at least 95 per cent of total meat determined by analysis and not more than 37 per cent of the actual total meat content shall be fat.

6.16.4.3 *Chopped meat.*—The product shall contain at least 95 per cent of total meat determined by analysis and, except in the case of a pork product, not more than 37 per cent of the actual total meat content shall be fat. In a pork product not more than 42 per cent of the actual total meat content shall be fat.

6.16.5 *Curing salts.*—Curing salts may be used (see 5.7).

6.16.6 *Phosphates.*—Phosphates may be used (see 5.8).

6.16.7 *Texture and appearance.*—The texture of pastes and potted meat shall be such that they may readily be spread, and they shall be free from sandiness and grittiness. The contents of any one container shall be reasonably uniform throughout and reasonably free from air bubbles. The product shall be reasonably free from separation of fat, starch, or aqueous material. Discoloration, other than

gevolg van oksidasie toon nie. Gekapte vleis moet 'n growwe tot matige growwe, gekapte tekstuur hê, en die vet wat aanwesig is moet deurgaans eweredig versprei wees.

6.16.8 *Volheid van houer.*—Die produk moet minstens—

(a) 90 persent in die geval van blikke; *en*
(b) 85 persent in die geval van glasflesse;

van die totale inhoudsvermoë van die houer beslaan.

6.17 SULT.

6.17.1 *Voorbereiding.*—Sult moet voorberei word uit vleis wat verduursaam of gekook is, of albei, en wat op geskikte wyse versprei word in 'n verjellingsmiddel van gelatienagtige materiaal wat van die karkasse van beeste of varke verkry word. Dit mag speserye bevat.

6.17.2 *Afval.*—Eetbare afval, uitgesonderd pootjies, word nie toegelaat nie.

6.17.3 *Vleisgehalte.*—Die produk moet 'n totale vleisgehalte ontleding bepaal.

6.17.4 *Verduursamingsoute.* Verduursamingsoute kan gebruik word (kyk 5.7).

6.17.5 *Fosfaat.*—Geen fosfaat mag gebruik word nie.

6.17.6 *Graanstof.*—Geen graanstof of graanproduk mag bygevoeg word nie.

6.17.7 *Kleurstowwe.*—Kleurstowwe kan by die produk gevoeg word.

6.17.8 *Voorkoms.*—Die produk moet 'n aantreklike voorkoms hê en die vleisdeeltjies moet deurgaans eweredig versprei wees.

6.17.9 *Stolling.*—Die produk moet by 4,5 °C stewig gestol wees en dit moet snybaar wees en mag nie 'n pap of halfstywe konsistensie hê nie.

6.18 BABAVOEDSEL WAT UIT VLEIS VOORBEREI IS.

6.18.1 *Voorbereiding.*—Voedsel wat bedoel is vir gebruik as 'n item in die dieet van babas en wat vleis insluit, moet uit vleis voorberei word, met of sonder 'n groente of 'n mengsel van groentes, en ander toepaslike bestanddele.

6.18.2 *Afval.*—Harsings, hart, pankreas, timus, niere en pens kan gebruik word mits hulle teenwoordigheid in die naam van die produk verklaar word.

6.18.3 *Natuurlike bindmiddel.*—Natuurlike bindmiddel mag nie gebruik word nie.

6.18.4 *Nitriet.*—Geen nitriet mag aanwesig wees nie, behalwe dat indien spek of ham as 'n bestanddeel van die produk gebruik word, dit in die eindproduk in 'n konsentrasie van hoogstens 20 d.p.m. aanwesig kan wees.

6.18.5 *Afwesigheid van skadelike stowwe.*—Geen stof wat in enige opsig hoegenaamd skadelik vir die gesondheid van babas is, mag in die produk aanwesig wees nie.

6.18.6 *Stabiliseermiddels.*—Natuurlike eetbare plantegom en agar-agar kan in 'n konsentrasie van hoogstens 1 persent gebruik word. Geen kunsmatige verdikmiddels, fosfaatbymiddels, chemiese emulgeer- en verdikmiddels en ander anti-oksideermiddels as askorbiensuur mag gebruik word nie.

6.18.7 *Samestelling.*—Die produk moet 'n totale vleisgehalte van minstens 10 persent hê volgens ontleding bepaal en hoogstens 25 persent van die werklike totale vleisgehalte mag uit vet bestaan, behalwe dat in die geval van produkte wat spek bevat, die vetgehalte hoogstens 30 persent van die werklike totale vleisgehalte mag wees.

6.18.8 *Soutgehalte.*—Die totale gehalte aan chloried, uitgedruk as natriumchloried, mag hoogstens 1,0 persent wees.

6.18.9 *Veselgehalte.*—Die veselgehalte mag hoogstens 1,5 persent wees.

slight surface discoloration due to oxidation, shall not be present. Chopped meat shall have a coarse to medium —coarse chopped texture, and the fat present shall be evenly distributed throughout.

6.16.8 *Fill of container.*—Of the total volume capacity of the container the product shall occupy not less than—

(a) 90 per cent in the case of cans; *and*
(b) 85 per cent in the case of glass jars.

6.17 BRAWN.

6.17.1 *Preparation.*—Brawn shall be prepared from meat that has been cured or cooked or both and suitably dispersed in a gelling medium of gelatinous material derived from the carcase of the bovine or the pig. It may be spiced.

6.17.2 *Offal.*—Edible offal, other than trotters, is not allowed.

6.17.3 *Meat content.*—The product shall contain at least 65 per cent of total meat determined by analysis.

6.17.4 *Curing salts.*—Curing salts may be used (see 5.7).

6.17.5 *Phosphates.*—Phosphates shall not be used.

6.17.6 *Cereal.*—No cereal or cereal product shall be added.

6.17.7 *Colouring substances.*—Colouring substances may be added to the product.

6.17.8 *Appearance.*—The product shall be attractive in appearance with the meat particles evenly dispersed throughout.

6.17.9 *Set.*—The product shall have a firm set at 4,5 °C and shall be sliceable and not soggy or semi-solid in consistency.

6.18 FOODS FOR INFANTS PREPARED WITH MEAT.

6.18.1 *Preparation.*—Food intended for use as an item in the diet of infants and that includes meat shall be prepared from meat, with or without a vegetable or a mixture of vegetables, and other appropriate ingredients.

6.18.2 *Offal.*—Provided that their presence is declared in the title of the product, the brain, heart, pancreas, thymus, kidney, and tripe may be used.

6.18.3 *Natural binder.*—Natural binder shall not be used.

6.18.4 *Nitrite.*—Nitrite shall not be present except that when bacon or ham is a constituent of the product, it may be present to an extent not exceeding 20 p.p.m. of the end product.

6.18.5 *Freedom from harmful matter.*—No substance in any way injurious to the health of infants shall be present in the product.

6.18.6 *Stabilizers.*—Natural edible vegetable gums and agar-agar may be used in a concentration not exceeding 1 per cent. Artificial thickeners, phosphatic additives, chemical emulsifiers and thickeners, and anti-oxidants other than ascorbic acid shall not be used.

6.18.7 *Composition.*—The product shall contain at least 10 per cent of total meat determined by analysis and the fat content shall not exceed 25 per cent of the actual total meat content except that in the case of products containing bacon the fat content shall not exceed 30 per cent of the actual total meat content.

6.18.8 *Salt content.*—The total chloride content, expressed as sodium chloride, shall not exceed 1,0 per cent.

6.18.9 *Fibre content.*—The fibre content shall not exceed 1,5 per cent.

6.19 GEMAALDE VLEIS EN GEMAALDE VLEIS IN VLEISSOUS.

6.19.1 *Voorbereiding.*—Gemaalde vleis en gemaalde vleis in vleissous moet voorberei word deur gemaalde vleis in sy eie sap of in 'n voorbereide vleissous in te maak. Speserye en ander kruie kan aanwesig wees.

Die vleis wat gebruik word moet slegs van die skeletspierstelsel van slagdiere afkomstig wees. Geen eetbare afval of natuurlike bindmiddels mag gebruik word nie.

6.19.2 *Samestelling.*—Gemaalde vleis wat in sy eie sap ingemaak is, moet minstens 70 persent maer vleis bevat volgens ontleding bepaal. Ingemaakte gemaalde vleis in vleissous moet minstens 60 persent maer vleis bevat, volgens ontleding bepaal. Hoogstens 5 persent ru-stysel mag aanwesig wees.

6.20 ONGESPESIFISEERDE VLEISPRODUKTE.

6.20.1 *Algemeen.*—Alle vleisprodukte waarvoor geen spesifieke vereistes in 6.1 tot en met 6.19 voorgeskryf word nie, maar wat binne die bestek van hierdie spesifikasie val, moet aan die toepaslike vereistes uiteengesit in afdeling 2, 3, 4, 5, 7, 8 en 9 van hierdie spesifikasie voldoen.

6.20.2 *Gedreineerde massa.*—In die geval van ander verpakkings as soliede verpakkings moet die gedreineerde massa minstens 75 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud wees, behalwe dat in die geval van produkte wat in sous of vleissous verpak is, die gewaste of gedreineerde massa minstens 55 persent van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer moet wees.

6.20.3 *Verduursamingsoute.*—Verduursamingsoute mag in geen ander verpakkings as dié wat verduursaamde vleis bevat aanwesig wees nie (kyk 5.7).

7. HOUERS.

7.1 TIPE HOUERS.—Die produk moet verpak word in ongeskonde houers wat geskik is vir die verpakking van vleis of vleisprodukte.

7.2 TOESTAND VAN HOUERS.—Ten tyde van gebruik moet die binnevlakke van alle houers skoon en, in die geval van blikke, korrosievry en onbeskadig wees. As verniste blikke gebruik word moet die vernis aan die binnekant geen opvallende krapmerke en ander gebreke hê nie en moet dit geskik wees vir die inmaak van die produk. Die vernis mag nie gedurende die verwerking en bewaring van die produk van die blik afdop nie. Blikdeksels en flesdoppe moet skoon wees wanneer die nate gevorm of wanneer die doppe opgesit word.

7.3 GEBREKE IN BLIKKE: SOLDEERSPATSELS.

7.3.1 *Groot gebrek.*

(a) *Gewone blikke.*—Enige soldeerspatsel aan die binnekant wat 4 mm in òf lengte òf breedte oorskry en wat nie maklik losgemaak kan word nie.

(b) *Verniste blikke.*—Enige soldeerspatsel aan die binnekant wat 2,5 mm in òf lengte òf breedte oorskry en wat nie maklik losgemaak kan word nie.

7.3.2 *Klein gebrek.*

(a) *Gewone blikke.*—Een soldeerspatsel aan die binnekant wat hoogstens 4 mm in òf lengte òf breedte is, of 'n reeks klein soldeerspatsels aan die binnekant wat 'n gekombineerde lengte of breedte van hoogstens 4 mm het en wat nie maklik losgemaak kan word nie.

(b) *Verniste blikke.*—Een soldeerspatsel aan die binnekant wat hoogstens 2,5 mm in òf lengte òf breedte is, of 'n reeks klein soldeerspatsels aan die binnekant wat 'n gekombineerde lengte of breedte van hoogstens 2,5 mm het en wat nie maklik losgemaak kan word nie.

7.3.3 *Afwesigheid van soldeerspatsels.*—In 'n verteenwoordigende monster bestaande uit minstens 1 000 wyebekblikke van dieselfde tipe en grootte, geneem uit 'n besending van dié blikke wat by 'n vleisinmaakfabriek

6.19 MINCED MEAT AND MINCED MEAT IN GRAVY.

6.19.1 *Preparation.*—Minced meat and minced meat in gravy shall be prepared by canning minced meat in its own juice or in a prepared gravy. Spices and other seasoning may be present.

The meat used shall be obtained only from the skeletal musculature of food animals. Edible offal and natural binder shall not be used.

6.19.2 *Composition.*—Minced meat canned in its own juice shall contain at least 70 per cent of lean meat, as determined by analysis. Canned minced meat in gravy shall contain at least 60 per cent of lean meat, as determined by analysis. Not more than 5 per cent of crude starch shall be present.

6.20 UNSPECIFIED MEAT PRODUCTS.

6.20.1 *General.*—Any meat product for which requirements are not specifically prescribed in 6.1 to 6.19 inclusive but which falls within the scope of this specification shall comply with the relevant requirements given in section 2, 3, 4, 5, 7, 8 and 9 of this specification.

6.20.2 *Drained mass.*—In the case of packs other than solid packs, the drained mass shall be at least 75 per cent of the declared net mass of the contents of the container, except that in the case of products packed in sauce or gravy the washed or drained mass shall be at least 55 per cent of the declared net mass of the contents of the container.

6.20.3 *Curing salts.*—Curing salts shall not be present in packs other than those that contain cured meat (see 5.7).

7. CONTAINERS.

7.1 TYPES OF CONTAINERS.—The product shall be packed in sound containers suitable for the packing of meat or meat products.

7.2 CONDITION OF CONTAINERS.—The internal surfaces of all containers shall, at the time of use, be clean and, in the case of cans, free from corrosion and damage. If lacquered cans are used, the lacquer shall be free from significant internal scratches and other imperfections and shall be suitable for the canning of the product. The lacquer shall not peel off the can during processing and storage of the product. Can lids and jar caps shall be clean at the time of seaming or capping.

7.3 DEFECTS IN CANS: SOLDER SPLASHES.

7.3.1 *Major Defect.*

(a) *Plain cans.*—Any internal solder splash that exceeds 4 mm in either length or breadth and that cannot easily be detached.

(b) *Lacquered cans.*—Any internal solder splash that exceeds 2,5 mm in either length or breadth and that cannot easily be detached.

7.3.2 *Minor defect.*

(a) *Plain cans.*—A single internal solder splash that does not exceed 4 mm in either length or breadth, or a series of small internal solder splashes of which the combined length or breadth does not exceed 4 mm and that cannot easily be detached.

(b) *Lacquered cans.*—A single internal solder splash that does not exceed 2,5 mm in either length or breadth, or a series of small internal solder splashes of which the combined length or breadth does not exceed 2,5 mm and that cannot easily be detached.

7.3.3 *Freedom from solder splashes.*—In a representative sample consisting of at least 1 000 open-top cans of the same type and size drawn from a consignment

afgelewer is, mag die persentasie blikke met gebreke—gebaseer op elke klein gebrek wat as een gebrek tel en elke groot gebrek wat as 20 gebreke tel—nie 6 persent oorskry nie.

8. VERPAKKING EN VERWERKINGSVEREISTES.

8.1 VULLING IN HIGIËNIESE TOESTANDE.—Die produk moet in streng higiëniese toestande voorberei word en moet gevul word in houers wat op aanneemlike wyse skoongemaak is. Na vulling moet blikke sonder onnodige versuim met hitte behandel word.

8.2 VERWERKING.

8.2.1 Gevulde houers met ander produkte as gepasteuriseerde produkte en halfgepreserveerde produkte (kyk 5.11) moet indien toepaslik op so 'n wyse luguitdrywing ondergaan, hermeties verseël en met hitte behandel word dat die getal of aktiwiteit, of albei, van lewensvatbare mikroörganismes in so 'n mate verminder word dat baie min, indien enige, volgens die metodes in afdeling 12 aangegee, bespeurbaar is. Houers van gepasteuriseerde produkte moet luguitdrywing ondergaan, hermeties verseël en gepasteuriseer word.

8.2.2 Die vulling, luguitdrywing, verseëling en verwerking van houers moet op so 'n wyse verrig word dat die ente van die houers nie konveks is in gewone vervoer- en bewaartoestande nie.

8.2.3 Alle houersluitings moet sterk gemaak word. Blikke mag nie lek as dit by kamertemperatuur aan 'n vakuumtoets onder 'n vakuum van hoogstens 500 mm kwik onderwerp word nie en mag nie by interne ondersoek van die nate enige gebrek toon wat lekking en gevolglike bederf van die produk kan veroorsaak nie. Daar moet skriftelike verslae van naatondersoeke gehou word wat vir ses maande na die datum van vervaardiging beskikbaar moet wees vir bestudering.

8.2.4 Die tyd-temperatuurtoets moet verseker—

(a) dat patogene organismes vernietig word;

(b) dat die produk vry is van mikrobiologiese bederf; *en*

(c) dat dit vry is van organismes wat bederf kan veroorsaak.

8.2.5 Die houers moet onmiddellik na hittebehandeling so vinnig moontlik tot 'n temperatuur, in die middel van die houer, van hoogstens 50 °C afgekoel word.

8.3 HANTERING VAN VERSEËLDE HOUERS NA HITTEBEHANDELING.—Afsonderlike houers, of dit warm of koud is, mag nie met die hand hanteer word terwyl dit nat is nie, en geen warm houers, selfs wanneer droog, mag afsonderlik hanteer word nie. Na afkoeling kan mandjies met houers meganies uit die retort verwyder word, mits dit op so 'n wyse verwyder word dat die nate of seëls van die houers, soos toepaslik, nie beskadig word nie.

Nadat houers in hulle mandjies van die retort verwyder is, moet hulle in 'n skoon gebied gelaat word totdat hulle koud en droog is, voordat hulle afsonderlik hanteer word.

In die geval van deurlopende kook- en verkoelapparate, moet die blikvervoerbande na die verkoelapparate in 'n higiëniese toestand wees.

8.4 BUITEKANT VAN HOUERS.—Ten tyde van versending vanaf die fabriek moet die houers 'n normale fatsoen hê en skoon en korrosievry wees.

8.5 BEWARING.

8.5.1 Produkte wat nie verkoel hoef te word nie, moet sowel voor as na verpakking in koel, goed geventileerde, skoon vertrekke bewaar word.

8.5.2 Indien produkte onder verkoeling gehou moet word, mag die bewaringstemperatuur nie 4,5 °C oorskry nie. Koelkamers moet skoon wees en moet higiënies gehou word.

of these cans delivered to a meat cannery, the percentage of cans that contains defects—based on each minor defect counting as one defect and each major defect counting as 20 defects—shall not exceed 6 per cent.

8. PACKING AND PROCESSING REQUIREMENTS.

8.1 FILLING UNDER HYGIENIC CONDITIONS.—The product shall be prepared and filled under stricly hygienic conditions into containers that have been acceptably cleaned. After filling, cans shall be thermally processed without undue delay.

8.2 PROCESSING.

8.2.1 Filled containers of products other than pasteurized products and semi-preserved products (see 5.11) shall be exhausted where appropriate, hermetically sealed, and thermally processed in such a way as to reduce the number or activity or both of viable micro-organisms to such an extent that very few, if any, are detectable in the treated food by the methods given in section 12. Containers of pasteurized products shall be exhausted, hermetically sealed, and pasteurized.

8.2.2 The filling, exhausting, sealing, and processing of containers shall be done in such a manner that the ends of the container are not convex under normal transport and storage conditions.

8.2.3 All container closures shall be strongly made. Cans shall not leak on vacuum testing under a vacuum not exceeding 500 mm of mercury at room temperature, and shall not, on internal examination of the seams, show any defect which could result in leakage and subsequent spoilage of the product. Written records of seam examinations shall be kept and shall be available for scrutiny for six months after the date of production.

8.2.4 The time-temperature process shall ensure—

(a) the destruction of pathogenic organisms;

(b) freedom from microbiological spolage; *and*

(c) freedom from organisms liable to cause spoilage.

8.2.5 Immediately after processing, the containers shall be cooled as rapidly as possible to a container centre temperature not exceeding 50 °C.

8.3 HANDLING OF SEALED CONTAINERS AFTER HEAT PROCESSING.—Individual containers, whether hot or cold, shall not be handled manually while wet, and hot containers, even when dry, shall not be handled individually. After cooling, baskets with containers may be removed from the retort mechanically provided that they are removed in such a manner that the seams or seals, as relevant, of the containers are not subjected to damage.

Containers, after being removed from the retort in their baskets, shall be placed in a clean area until cold and dry before being handled individually.

In the case of continuous cookers and coolers the can runways subsequent to the coolers shall be in a hygienic state.

8.4 EXTERIOR OF CONTAINERS.—At the time of dispatch from the factory, the containers shall have normal contours and shall be clean and free from corrosion.

8.5 STORAGE.

8.5.1 Products not requiring refrigeration shall be stored, both before and after packaging, in cool, well-ventilated, clean rooms.

8.5.2 Where products are required to be stored, under refrigeration, the storage temperature shall not exceed 4,5 °C. Refrigeration rooms shall be clean and shall be hygienically maintained.

8.5.3 Indien produkte wat vir uitvoer bestem is nie binne 'n tydperk van ses maande na die datum van vervaardiging uitgevoer word nie, moet die produkte vir herinspeksie deur die owerheid wat die spesifikasie toepas, aangebied word om te verseker dat die produkte nog steeds aan die vereistes daarvan voldoen.

9. ETIKETTERING EN MERK VAN HOUERS.

9.1 BESONDERHEDE WAT OP ELKE HOUER OF ETIKET VEREIS WORD.

9.1.1 Behoudens 9.4 en die regulasies kragtens die geldende Wet op Mate en Gewigte en die geldende Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, moet die volgende besonderhede leesbaar en onuitwisbaar op elke houer of etiket aangebring wees:

(a) Die volle naam en sakeadres van die fabrikant, vervaardiger, eienaar of beherende maatskappy of, in die geval van houers wat vir enige ander persoon of organisasie verpak word, die volle naam en sakeadres van dié persoon of organisasie;

(b) die naam en juiste beskrywing van die inhoud, met inagneming van die bepalings van die geldende Handelswaremerkewet (kyk ook 9.1.2), en met inbegrip van, indien toepaslik, die aard van die medium waarin die produk verpak is en die aanwesigheid van been wat as sodanig 'n deel van die produk is;

(c) indien toepaslik, die bestanddele—met inbegrip van, soos toepaslik, die aanwesigheid van vreemde proteïenmateriaal by name en groentevet of -olie—in afnemende volgorde van hoeveelhede aanwesig;

(d) indien toepaslik, die feit dat dit kunsmatige kleurstowwe bevat, in gewone druk van minstens 6-puntmaat;

(e) behoudens 6.7.13, indien die produk onder verkoeling gehou moet word, die woorde "Hou by 'n temperatuur van hoogstens 4,5 °C" in 'n opvallende plek in gewone druk, minstens die helfte van die grootte wat vir die naam van die produk gebruik is, en minstens 12-puntmaat;

(f) die netto massa van die inhoud;

(g) die datum van inmaak, die produksielotnommer (indien gebruik) en die fabrieksidentifikasie wat op die houer of, in die geval van flesse, op die dop of etiket gebosseleer of andersins onuitwisbaar aangebring is; enige merk of kode wat vir voornoemde gebruik word, moet vir rekorddoeleindes bekend gemaak word aan die owerheid wat hierdie spesifikasie toepas;

(h) inligting wat vereis word kragtens die toepaslike onderafdeling(s) wat oor bepaalde produkte handel; en

(i) woorde wat die land van herkoms aandui.

9.1.2 *Juiste beskrywing van inhoud.*

9.1.2.1 *Algemeen.*

(a) Tensy die gehalte aan vleis of eetbare afval of albei (soos toepaslik) van 'n produk wat uit vleis of eetbare afval of albei en groente, graanstof of ander analoë bestanddele bestaan, die grootste enkele bestanddeel is wat by die voorbereiding van die produk gebruik is en dit in die eindproduk minstens 25 persent van die totale netto inhoud van die houer is, mag vleis of eetbare afval of albei (indien toepaslik) nie eerste in die naam van die produk genoem word nie.

(b) In die geval van 'n produk wat uit groente, graanstof en ander soortgelyke bestanddele saam met vleis of eetbare afval of albei (as sodanig of in voorbereide vorm), bestaan en wat binne die bestek van hierdie spesifikasie val, maar wat nie aan die bepaalde vereistes vir die gehalte aan vleis of eetbare afval wat gespesifiseer is, voldoen nie, moet die aanwesigheid van vleis of eetbare afval in die naam van die produk aangedui word deur middel van beskrywing soos "Y met X" of "Y bevat X", waar Y die basiese naam van die produk (bv. gebakte boontjies in tamatiesous) is en X die vleis- of eetbare afvalbestanddeel (bv. vleisfrikkadelle, wors).

8.5.3 Where products intended for export are not exported within a period of six months from the date of production, the products shall be submitted for re-inspection to the authority administering this specification to confirm that the products are still in compliance with its requirements.

9. LABELLING AND MARKING OF CONTAINERS.

9.1 DETAILS REQUIRED ON EACH CONTAINER OR LABEL.

9.1.1 Subject to 9.4 and to the regulations under the current Weights and Measures Act and the current Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, the following information shall appear legibly and indelibly on each container on label:

(a) The full name and business address of the manufacturer, producer, proprietor, or controlling company or, in the case of containers packed for any other person or organisation, the full name and business address of that person or organization;

(b) the name and true description, taking into cognizance the provisions of the current Merchandise Marks Act (see also 9.1.2), of the contents including, where applicable, the nature of the medium in which the product is packed and the presence of bone that is, as such, a constituent of a product;

(c) where applicable, a statement of ingredients, including the presence, as relevant, of foreign proteinaceous material by name and vegetable fat or oil, in descending order of amounts present;

(d) where applicable, the presence of articifial colouring substances in plain type of not less than 6 point face measurement;

(e) subject to 6.7.13, where the product is required to be stored under refrigeration, the words "Keep at a temperature not exceeding 4,5 °C", in a prominent position in plain type of not less than half the size of that used for the name of the product with a nimimum of 12 point face measurement;

(f) the net mass of the contents;

(g) the date of canning, the batch number (if used), and the factory indentification embossed or otherwise indelibly marked on the container or, in the case of jars, on the cap or label; any mark or code used for the foregoing shall be disclosed for record purposes to the authority administering this specification;

(h) information required in terms of the relevant subsection(s) dealing with the specific product; and

(i) words indicating the country of origin.

9.1.2 *True description of contents.*

9.1.2.1 *General.*

(a) Unless the content of meat or edible offal or both (as appropriate) of a product consisting of meat or edible offal or both, and of vegetables, cereal, or other analogous ingredient constitutes the largest single ingredient on the ingoing basis and, in the end product, constitutes at least 25 per cent of the total net contents of the container, meat or edible offal or both (as appropriate) shall not appear first in the designation of the product.

(b) Ina product consisting of vegetables, cereals and other similar ingredients with meat or edible offal or both (as such or in prepared form) and falling within the scope of this specification but not complying with the particular requirements for meat or edible offal content specified, the presence of meat or edible offal shall be declared in the title of the product by means of descriptions such as "Y with X" or "Y containing X" where Y is the basic name of the product (e.g. baked beans in tomato sauce) and X is the meat or edible offal ingredient (e.g. meat balls, sausage).

9.1.2.2 *Vleispasta.*—In die geval van 'n ander produk as lewerpasta (kyk 6.16.4.1), waarvan daar in die naam melding van slegs een soort vleis gemaak word, moet minstens 80 persent van die totale vleisgehalte bestaan uit die soort vleis wat genoem word. Waar daar in die naam van die produk melding van twee soorte vleis gemaak word, moet minstens 80 persent van die totale vleisgehalte bestaan uit die vleissoorte wat genoem word. Daarbenewens moet minstens 50 persent van die totale vleisgehalte bestaan uit die vleissoort wat eerste genoem word en minstens 20 persent uit die vleissoort wat tweede genoem word, behalwe dat indien lewer of niere tweede genoem word, die minimum vereiste 10 persent van die totale gehalte aan vleis en eetbare afval is. Indien drie soorte vleis in die beskrywing van die produk genoem word, moet minstens 80 persent van die totale vleisgehalte bestaan uit die vleissoorte wat genoem word; minstens 40 persent van die totale vleisgehalte moet bestaan uit die vleissoort wat eerste genoem word en minstens 15 persent uit elk van die ander vleissoorte wat genoem word, behalwe dat indien niere of lewer tweede of derde genoem word, die minimum vereiste 10 persent van die totale gehalte aan vleis en eetbare afval is. Vir die doel van die juiste beskrywing van die inhoud, kan verduursaamde varkvleis as ham beskou word.

9.1.2.3 *Potjiesvleis.*—Waar daar in die naam van die produk melding van slegs een vleissoort gemaak word, moet minstens 85 persent van die totale vleisgehalte uit genoemde vleissoort bestaan. In die geval van 'n produk waarvan daar in die naam melding van twee vleissoorte gemaak word, moet minstens 85 persent van die totale vleisgehalte bestaan uit die vleissoorte wat genoem word. Daarbenewens moet minstens 50 persent van die totale vleisgehalte bestaan uit die vleissoort wat eerste genoem word en minstens 25 persent uit die vleissoort wat tweede genoem word. Indien drie vleissoorte in die beskrywing van die produk genoem word, moet minstens 85 persent van die totale vleisgehalte bestaan uit die vleissoorte wat genoem word, minstens 40 persent van die totale vleisgehalte moet bestaan uit die vleissoort wat eerste genoem word en minstens 15 persent uit elk van die ander vleissoorte wat genoem word; die vleissoorte moet in die volgorde van hoeveelhede genoem word.

9.2 ETIKETTE*.—Etikette, litografiese drukwerk op blikke en kleurbewoording wat op flesse aangebring word, moet aan die etiketteringsvereistes van hierdie spesifikasie voldoen.

9.3 AANBRING VAN ETIKETTE.—Etikette op houers moet skoon, netjies en onbeskadig wees en moet stewig bevestig word ten tyde van versending vanaf die fabriek. Dit mag nie oor ander etikette wat op houers bevestig of gelitografeer is, aangebring word nie. Niemand anders as die fabrikant of sy gemagtigde agent mag die etikette aanbring nie. Geen etiketgom wat kan verswak as die ingemaakte produk in vogtige toestande bewaar word, mag gebruik word nie.

9.4 MERK VAN PAKKE.—Indien die houers in pakke verpak word, moet die pakke skoon, netjies en heel wees en moet die getal en grootte of netto massa van die houers en die besonderhede wat volgens 9.1.1 (a), (b), (e), indien toepaslik, (g) en (i) vereis word, op elke pak gedruk of gesjabloneer word, behalwe dat die sakeadres van die fabrikant nie die volle sakeadres hoef te wees nie, maar dit moet volledig genoeg wees vir identifikasiedoeleindes.

* Daar word aanbeveel dat die owerheid wat hierdie spesifikasie toepas, geraadpleeg word wat betref nuwe of gewysigde etikette, litografiese drukwerk op blikke en kleurbewoording wat op flesse aangebring word alvorens dit in gebruik geneem word.

9.1.2.2 *Meat pastes.*—In a product, other than liver paste (see 6.16.4.1), in the name of which reference is made to one kind of meat only, at least 80 per cent of the total meat content shall consist of the named meat. Where in the name of the product two kinds of meat are referred to, the named meats shall constitute at least 80 per cent of the total meat content. In addition, the kind of meat named first shall constitute at least 50 per cent of the total meat content, and that named second at least 20 per cent except that if kidney or liver is named second, the minimum requirement shall be 10 per cent of the total meat and edible offal content. If three kinds of meat are named in the description of the product, the named meats shall constitute at least 80 per cent of the total meat content, that named first shall constitute at least 40 per cent of the total meat content, and each of the other named meats at least 15 per cent, except that if kidney or liver is named second or third the minimum requirement shall be 10 per cent of the total meat and edible offal content. For the purposes of true description of contents, cured pork may be regarded as ham.

9.1.2.3 *Potted meat.*—In a product in the name of which reference is made to one kind of meat only, at least 85 per cent of the total meat content shall consist of the named meat. In a product in the name of which two kinds of meat are referred to, the named meats shall constitute at least 85 per cent of the total meat content. In addition, the kind of meat named first shall constitute at least 50 per cent of the total meat content and that named second at least 25 per cent. If three kinds of meat are named in the description of the product, the named meats shall constitute at least 85 per cent of the total meat content, that named first shall constitute at least 40 per cent of the total meat content and each of the other named meats at least 15 per cent, the kinds of meat being named in descending order of amounts present.

9.2 LABELLING*.—Labels, lithographed cans, and applied colour lettering statements for jars shall be in accordance with the labelling requirements of this specification.

9.3 ATTACHING OF LABELS.—Labels on containers shall be clean, neat, undamaged, and securely attached at the time of dispatch from the factory. They shall not be superimposed on other labels that are attached to or lithographed on the containers. They shall not be applied by any person- other than the manufacturer or his authorised agent. Label glue that is liable to deteriorate under humid conditions of storage of the canned product shall not be used.

9.4 MARKING OF PACKAGES.—If the containers are packaged, the packages shall be clean, neat, and unbroken, and on every package shall be printed or stencilled the numer of containers and their size or net mass and the information required by 9.1.1 (a), (b), (e), where applicable, (g), and (i), except that the business address of the manufacturer need not to be the full business address but must be sufficient for identification purposes.

* It is recommended that the authority administering this specification be consulted with regard to newly designed labels, lithographed cans and applied colour lettering statements for jars before they are taken into use.

9.5 HOUERS VIR UITVOER.—Mits daar aan die vereistes van die invoerland voldoen word, en mits daar geen poging tot wanvoorstelling van die produk is nie, kan produkte uitgevoer word sonder etikette of met etikette wat van die vereistes van hierdie spesifikasie verskil. Die vereistes van 9.4 geld egter, behalwe dat 'n kodemerk in plaas van die fabrikant se naam gebruik kan word.

10. METODES VIR FISIESE ONDERSOEK.

10.1 BEPALING VAN NETTO MASSA VAN INHOUD.

10.1.1 Bepaal die bruto massa van die toe houer. In die geval van—

(a) 'n houer met 'n deksel wat met 'n dubbele naat bevestig is, sny die deksel gedeeltelik uit sonder om die dubbele naat te verwyder of die hoogte daarvan te verander;

(b) 'n glasfles, verwyder die deksel.

10.1.2 Bepaal die gemiddelde vertikale afstand, in millimeter, van die bovlak van die houer af tot by die bovlak van die inhoud deur afmetings oor die oppervlak van die inhoud te doen.

10.1.3 Plaas die inhoud van die houer op 'n sif met 'n nominale openinggrootte van 2 mm en hou vir gebruik in 10.3. Was, droog en weeg die houer tesame met die deksel. Die verskil tussen die bruto massa (10.1.1) en die massa van die houer met die deksel is die netto massa van die inhoud.

10.2 BEPALING VAN VOLHEID VAN HOUER.

10.2.1 In die geval van houers met deksels wat met dubbele nate bevestig is, vul die houer (10.1.3) met water by kamertemperatuur tot 'n vertikale afstand van 5 mm onderkant die bovlak van die houer. Weeg die houer wat aldus gevul is en bepaal die massa van die water deur die massa van die houer (10.1.3) daarvan af te trek.

10.2.2 Onttrek water uit die gevulde houer (10.2.1) tot by die hoogte van die inhoud (10.1.2), weeg die houer met die oorblywende water en bepaal die massa van die oorblywende water deur die massa van die houer (10.1.3) daarvan af te trek.

10.2.3 Verdeel die massa van die oorblywende water (10.2.2) deur die massa van die water (10.2.1) en vermenigvuldig met 100. Die resultaat is die persentasie van die totale inhoudsvermoë van die houer wat deur die inhoud beslaan word.

10.2.4 In die geval van 'n glasfles of 'n houer met 'n deksel wat op 'n ander wyse as met 'n dubbele naat bevestig is, verwyder die deksel en gaan voort soos in 10.2.1-10.2.3, maar vul die houer tot bo indien daar volgens 10.2.1 te werk gegaan word.

10.3 BEPALING VAN GEWASTE MASSA.

10.3.1 *Ander verpakkings as pasteiverpakkings.*

(a) Was die produk op die sif (10.1.3) onder 'n stadige watersproei—wat, indien nodig, tot 'n temperatuur van hoogstens 38 °C verhit is—en verwyder alle vleissous of sous wat daaraan vasklеef. Laat 2 min lank dreineer en weeg. Die massa van die materiaal wat op die sif agterbly, is die gewaste massa.

(b) In die geval van produkte wat met groente verpak is, verwyder die groente van die sif en weeg weer. Die massa van die materiaal wat dan op die sif agterbly, is die gewaste massa van vleis of eetbare afval, of albei, of van vleis of eetbare afval, of albei, met been, soos toepaslik.

(c) In die geval van skaapvleis-aan-die-been- en soortgelyke verpakkings, haal die been wat aanwesig is uit en weeg dit.

(d) Indien daar in die naam van die produk melding van enige eetbare afval of klein vleisbestanddeel gemaak word, haal dit uit en bepaal die massa daarvan.

9.5 CONTAINERS FOR EXPORT.—Provided that the requirements of the importing country are met and subject to there being no attempt to misrepresent the product, products may be exported either unlabelled or labelled differently to the requirements of this specification. The requirements of 9.4 shall, however, apply except that a code mark may be used in lieu of the name of the manufacturer.

10. METHODS OF PHYSICAL EXAMINATION.

10.1 DETERMINATION OF NET MASS OF CONTENTS.

10.1.1 Determine the gross mass of the unopened container.

Then in the case of—

(a) a countainer with a lid attached by a double seam, partially cut out the lid without removing or altering the height of the double seam;

(b) a glass jar, remove the lid.

10.1.2 Determine the average vertical distance, in millimetres, from the top level of the container to the top level of the contents by taking measurements over the surface of the contents.

10.1.3 Transfer the contents of the container to a sieve of nominal size of aperture 2 mm and retain for use in 10.3. Wash, dry, and weigh the container complete with the lid. The difference between the gross mass (10.1.1) and the mass of the container and lid gives the net mass of the contents.

10.2 DETERMINATION OF FILL OF CONTAINER.

10.2.1 In the case of containers with tops attached by double seams fill the container (10.1.3) with water at room temperature to a verticle distance of 5 mm below the top level of the container. Weigh the container thus filled and determine the mass of the water by subtracting the mass of the container (10.1.3).

10.2.2 Draw off water from the filled container (10.2.1) to the level of the contents (10.1.2), weigh the container with the remaining water and determine the mass of the remaining water by subtracting the mass of the container (10.1.3).

10.2.3 Divide the mass of the remaining water (10.2.2) by the mass of the water (10.2.1) and multiply by 100. The result is the percentage of the total volume capacity of the container occupied by the contents.

10.2.4 In the case of a glass jar or a container with a lid attached otherwise than by a double seam, remove the lid and proceed in accordance with 10.2.1 to 10.2.3 but fill the container to the top when proceeding in accordance with 10.2.1.

10.3 DETERMINATION OF WASHED MASS.

10.3.1 *Packs other than pudding packs.*

(a) Wash the product on the sieve (10.1.3) under a gentle spray of water—warmed, if necessary, to a temperature not exceeding 38 °C—and remove any adhering gravy or sauce. Drain for 2 min and weigh. The mass of the material remaining on the sieve is the washed mass.

(b) In the case of products packed with vegetables, remove the vegetables from the sieve and re-weigh. The mass of the material then remaining on the sieve is the washed mass of meat or edible offal or both, or of meat or edible offal or both and bone, as relevant.

(c) In the case of mutton-on-bone and similar packs, separate and weigh the bone present.

(d) If any edible offal or minor meat ingredient is mentioned in the name of the pack, separate it and determine its mass.

(e) Indien 'n minimum gehalte aan groente of graanstof of 'n kombinasie daarvan [kyk bv. 6.2.6 (i)] gespesifiseer is, haal dit uit en bepaal die massa daarvan.

(f) Teken die resultaat as persentasie van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer aan.

10.3.2 *Pasteiverpakkings.*

(a) Verwyder die pasteideeg uit die produk op die sif (10.1.3), was die materiaal wat op die sif agterbly onder 'n stadige watersproei, wat, indien nodig, tot 'n temperatuur van hoogstens 38 °C verhit is, en verwyder alle vleissous of sous wat daaraan vaskleef. Laat 2 min lank dreineer, en weeg dan die materiaal wat op die sif agterbly. In die geval van verpakkings sonder graanstof en groente is hierdie massa die massa van vleis of eetbare afval, of albei, wat in die verpakking aanwesig is. Indien daar in die naam van die verpakking melding van enige eetbare afval as bestanddeel gemaak word, bepaal die massa daarvan.

(b) In die geval van pasteiverpakkings met groente of graanstof of albei, gaan voort soos in (a) hierbo, verwyder dan die groente en graanstof (soos toepaslik) en bepaal die massa van die vleis en, indien toepaslik, eetbare afval aanwesig.

(c) Teken die resultaat as persentasie van die verklaarde netto massa van die inhoud van die houer aan.

11. METODES VIR CHEMIESE ONTLEDING.

Die water wat gebruik word, moet gedistilleerde water of gedemineraliseerde water van dieselfde suiwerheid wees.

11.1 VOORBEREIDING VAN MONSTER VIR CHEMIESE ONTLEDING.

(a) *Soutbeesvleis, soutvleis, vleisrolle en soortgelyke soliede verpakkings.*

(1) Maal die hele inhoud van die houer twee maal in 'n vleismeul.

(2) Gebruik 'n stamper en 'n vysel en meng die gemaalde monster deeglik. Plaas 'n geskikte hoeveelheid van die voorbereide monster in 'n houer met 'n deksel of skroefdop wat styf toegemaak kan word. Hou in 'n koelkas totdat toetse uitgevoer word.

(b) *Wors, vleisfrikkadelle en soortgelyke produkte.*—Maal die produk twee maal in 'n vleismeul nadat dit gedreineer is of in die geval van wors wat in vet of agar-agar verpak is, nadat die verpakkingsmedium wat daaraan vaskleef, afgeskraap is, en gaan dan voort soos in (a) (2) hierbo.

(c) *Verpakkingsmedium.*—Indien die verpakkingsmedium vir ontleding benodig word, sif dit deur 'n sif met 'n nominale openinggrootte van 2 mm, meng deeglik, plaas in 'n geskikte houer met 'n sluiting wat goed pas, en bewaar soos in (a) (2) hierbo.

(d) *Vet vir die bepaling van smeltpunt.*—Smelt 10-20 g vet in 'n klein beker en laat dit afkoel terwyl van tyd tot tyd geroer word totdat dit effens troebel vertoon. Roer dit totdat dit homogeen is en laat dit dan 24 h lank by 10 °C staan voordat die smeltpunt bepaal word.

11.2 BEPALING VAN GEHALTE AAN PROTEÏENSTIKSTOF, PROTEÏEN EN MAER VLEIS.

11.2.1 *Reagense.*

(a) *Kaliumsulfaat of anhidriese natriumsulfaat.*—Chemies suiwer en vry van stikstof.

(b) *Swaelsuur, gekonsentreerd.*—Chemies suiwer en vry van stikstof.

(c) *Kwikoksied (HgO).*—Chemies suiwer en vry van stikstof.

(d) *Gemaskeerde metielrooi-indikator.*—Los 0,125 g metielrooi en 0,083 g metileenblou in 100 ml etanol (96 persent) op en filtreer.

(e) If a minimum content is specified for a vegetable or a cereal, or a combination of these [see for example 6.2.6 (i)], separate it and determine its mass.

(f) Record the results as percentages of the declared net mass of the contents of the container.

10.3.2 *Pudding packs.*

(a) Remove the pastry from the product on the sieve (10.1.3), wash the material remaining on the sieve under a gentle spray of water warmed, if necessary, to a temperature not exceeding 38 °C, and remove any adhering gravy or sauce. Drain for 2 min, then weigh the material remaining on the sieve. In the case of packs without cereals and vegetables this mass is the mass of meat or edible offal or both present in the pack. If any edible offal ingredient is mentioned in the title of the pack, determine its mass.

(b) In the case of pudding packs with vegetables or cereals or both, proceed as in (a) above then remove the vegetables and cereals (as relevant) and determine the mass of meat and, when relevant, edible offal present.

(c) Record the results as percentages of the declared net mass of the contents of the container.

11. METHODS OF CHEMICAL ANALYSIS.

All water used shall be distilled water or demineralised water of equal purity.

11.1 PREPARATION OF SAMPLE FOR CHEMICAL ANALYSIS.

(a) *Corned beef, corned meat, meat rolls, and similar solid packs.*

(1) Pass the entire contents of the container twice through a meat grinder.

(2) Mix the minced sample thoroughly, using a pestle and mortar. Transfer a suitable quantity of the prepared sample to a container with a lid or screw cap that can be tightly closed. Store in a refrigerator until tests are carried out.

(b) *Sausages, meat balls, and similiar products.*—After draining the product or, in the case of sausages packed in fat or agar-agar, scraping off the adhering packing medium, pass the product twice through a meat grinder and then proceed as in (a) (2) above.

(c) *Packing medium.*—Where the packing medium is required for analysis, strain it through a sieve of nominal size of aperture 2 mm, mix thoroughly, transfer it to a suitable container with a well fitting closure, and store as in (a) (2) above.

(d) *Fats for melting point determination.*—Melt 10-20 g of the fat in a small beaker and allow to cool, stirring occasionally, until a faint turbidity appears. Stir until homogeneous and set aside for 24 h at 10 °C before determining the melting point.

11.2 DETERMINATION OF PROTEIN NITROGEN, PROTEIN AND LEAN MEAT CONTENTS.

11.2.1 *Reagents.*

(a) *Potassium sulphate of anhydrous sodium sulphate.* — Chemically pure and nitrogen free.

(b) *Sulphuric acid, concentrated.*—Chemically pure and nitrogen free.

(c) *Mercuric oxide (HgO).*—Chemically pure and nitrogen free.

(d) *Screened methyl red indicator.*—Dissolve 0,125 g of methyl red and 0,083 g of methylene blue in 100 ml of ethanol (96 per cent) and filter.

(e) *Natriumhidroksiedoplossing,* 0,5N.—Standaardiseer akkuraat teenoor kaliumwaterstofftalaat.

(f) *Swaelsuur,* 0,5N.—Verdun ongeveer 14,2 ml gekonsentreerde swaelsuur met water tot 1 liter. Gebruik die gemaskeerde metielrooi-indikator en standaardiseer dit teenoor die 0,5-N-natriumhidroksied.

(g) *Natriumhidroksiedoplossing, 45 persent (m/m).*—Los 450 g chemies suiwer natriumhidroksied in 550 ml water op. Koel af en filtreer, indien nodig, deur glaswol.

(h) *Natriumtiosulfaatoplossing.*—Los 500 g natriumtiosulfaat ($Na_2S_2O_3.5H_2O$) in water op en vul aan tot 1 000 ml.

11.2.2 *Werkwyse.*—Weeg ongeveer 2 g van die voorbereide monster akkuraat uit en plaas dit in 'n 500-ml-Kjeldahl-verteerfles. Voeg 15 g van die kaliumsulfaat of anhidriese natriumsulfaat, 0,1-0,3 g van die kwikoksied en 25 ml van die gekonsentreerde swaelsuur by. Verhit versigtig totdat dit ophou skuim en verhit dan sterk totdat die oplossing helder is. Gaan minstens 30 min lank voort met die vertering (ongeveer 2 h is nodig vir algehele vertering). Koel af en verdun met ongeveer 250 ml water. Koel af tot kamertemperatuur en laat 50 ml van die 45-persent-natriumhidroksiedoplossing en 10 ml van die natriumtiosulfaatoplossing aan die kant van die fles inloop sodat dit 'n afsonderlike laag op die bodem vorm en nie onmiddellik met die suuroplossing meng nie. Voeg 'n paar sinkkorrels by. Verbind met 'n Kjeldahl-distilleereenheid, meng die inhoud van die fles deur dit versigtig te werwel en distilleer dan die ammoniak (d.w.s. ongeveer 250 ml van die distillaat) in 'n Erlenmeyerfles af wat 'n oormaat standaard 0,5-N-swaelsuur van bekende volume bevat. Gebruik drie of vier druppels van die gemaskeerde metielrooi-indikator en titreer die oormaat suur in die Erlenmeyerfles met die standaard 0,5-N-natriumhidroksiedoplossing.

Voer 'n kontrolebepaling in presies dieselfde toestande uit, maar laat die monster weg.

11.2.3 *Berekening.*

(i) *Stikstofgehalte, % (m/m) $= \frac{(x - y) \times N \times 1,4}{C}$

(ii) Proteïengehalte, % (m/m) $= \frac{(x - y) \times N \times 1,4 \times 6,25}{C}$

(iii) Gehalte aan maer vleis, % (m/m) $= \frac{(x-y) \times N \times 1,4 \times 30}{C}$

waar x = volume swaelsuur geneutraliseer deur die ammoniak wat uit die monster gedistilleer is, ml.
y = volume swaelsuur geneutraliseer deur die ammoniak wat uit die kontrolemonster gedistilleer is, ml.
N = normaliteit van die swaelsuur.
C = massa van monster wat geneem is, g.

Indien die produk proteïenpreparate bevat wat nie eie aan vleis is nie, bring dan toepaslike korreksies aan by die bepaling van die gehalte aan vleisproteïenstikstof en maer vleis.

11.3 BEPALING VAN VETGEHALTE.

11.3.1 *Reagense: Petroleumeter.*—Kookpunt 40-60 °C.

11.3.2 *Werkwyse.*—Weeg 3-4 g van die voorbereide monster noukeurig in 'n wegdoenbare aluminiumfoeliebak uit en voeg bietjie gedroogde sand of asbes by. Meng deeglik met 'n klein glasroerstafie. Laat dit, tesame met die roerstafie, 90 min lank by 125±2 °C droog word. Rol die rande van die bak en plaas die bak, die inhoud en die roerstafie in 'n Soxhletoogring. Ekstraheer 6 h lank met die petroleumeter. Plaas die petroleumeterekstrak kwantitatief oor in 'n geweegde beker, damp die eter in, droog die residu 30 min lank by 100±2 °C, en bepaal dan die massa.

(e) *Sodium hydroxide solution,* 0,5N.—Accurately standardized against potassium hydrogen phthalate.

(f) *Sulphuric acid,* 0,5N.—Dilute approximately 14,2 ml of concentrated sulphuric acid to 1 litre with water. Standardize it against the 0,5N sodium hydroxide using the screened methyl red indicator.

(g) *Sodium hydroxide solution, 45 per cent (m/m).*—Dissolve 450 g of sodium hydroxide, chemically pure, in 550 ml of water. Cool and filter through glass wool if necessary.

(h) *Sodium thiosulphate solution.*—Dissolve 500 g of sodium thiosulphate ($Na_2S_2O_3.5H_2O$) in water and make up to 1 000 ml.

11.2.2 *Procedure.*—Accurately weigh out about 2 g of the prepared sample and transfer it to a 500 ml Kjeldahl digestion flask. Add 15 g of the potassium sulphate or anhydrous sodium sulphate, 0,1-0,3 g of the mercuric oxide, and 25 ml of the concentrated sulphuric acid. Heat gently until frothing ceases, and then heat strongly until the solution clears. Continue the digestion for at least 30 min longer (about 2 h are required for complete digestion). Cool, and dilute with about 250 ml of water. Cool to room temperature, and run 50 ml of the 45 per cent sodium hydroxide solution and 10 ml of the sodium thioshulphate solution down the side of the flask so that it forms a separate layer at the bottom and does not mix with the acid solution at once. Add a few granules of zinc. Connect to a Kjeldahl distillation unit, mix the contents of the flask by gentle swirling, and then distil the ammonia (i.e. about 250 ml of distillate) into an Erlenmeyer flask containing an excess of known volume of the standard 0,5N sulphuric acid. Titrate the excess acid in the Erlenemeyr flask with the standard 0,5N sodium hydroxide solution using three or four drops of the screened methyl red indicator.

Carry out a blank determination under identical conditions but omit the sample.

11.2.3 *Calculations.*

(a) *Nitrogen content, % (m/m) $= \frac{(x-y) \times N \times 1,4}{C}$

(b) Protein content, % (m/m) $= \frac{(x-y) \times N \times 1,4 \times 6,25}{C}$

(c) *Lean meat content, % (m/m) $= \frac{(x-y) \times N \times 1,4 \times 30}{C}$

where x = volume of sulphuric acid neutralized by the ammonia distilled from the sample, ml.
y = volume of sulphuric acid neutralized by the ammonia distilled from the blank, ml.
N = normality of the sulphuric acid.
C = mass of sample taken, g.

Where the product contains proteinaceous preparations foreign to meat, apply appropriate corrections when assessing the meat protein nitrogen and lean meat contents.

11.3 DETERMINATION OF FAT CONTENT.

11.3.1 *Reagent: Petroleum ether.*—Boiling point 40-60 °C.

11.3.2 *Procedure.*—Weigh 3-4 g of prepared sample accureately into a disposable aluminiumfoil dish and add some dried sand or asbestos. Mix thoroughly with a small glass paddle Dry, together with the paddle, for 90 min at 125 ± 2 °C. Roll the edges of the dish, and transfer dish, contents, and paddle to a Soxhlet thimble. Extract for 6 h with the petroleum ether. Transfer the petroleum ether extract quantitatively to a tared beaker, evaporate off the ether, dry the residue at 100±2 °C for 30 min, and then determine its mass.

Bereken die vetgehalte soos volg:

$$\text{Vet, \% (m/m)} = \frac{W}{C} \times 100$$

waar W = massa van gedroogde residu, g.
C = massa van monster wat geneem is, g.

11.4 BEPALING VAN GEHALTE AAN RU-STYSEL.

11.4.1 *Reagense.*

(a) *Alkoholiese kaliumhidroksiedoplossing, 8 persent (m/v).*
(b) *Etanol, 96 persent.*
(c) *Asynsuuroplossing, 5 persent (v/v).*

11.4.2 *Werkwyse.*—Weeg noukeurig 20-30 g van die voorbereide monster in 'n 250-ml-beker uit, voeg 100 ml van die alkoholiese kaliumhidroksiedoplossing by en laat 1-2 h lank oor 'n waterbad verteer totdat al die vet verseep en die proteïen gehidroliseer is. Filtreer onder suigwerking deur 'n medium vinnige filtreerpapier. Was die residu met etanol totdat die afspoelsels kleurloos is. Gebruik 'n warm 5-persent asynsuuroplossing om die residu oor te plaas in 'n 100-ml-maatfles. Koel af, vul tot die regte volume met die asynsuuroplossing aan, skud deeglik om die residu in suspensie te bring en pipetteer onmiddellik 'n 25-ml-deelvolume in 'n 250-ml-beker met 100 ml etanol. Laat staan totdat die residu heeltemal afgesak het. Filtreer deur 'n voorbereide en uitgegloeide Gooch-kroesie en droog die residu in 'n oond by 'n temperatuur wat by 105±2 °C gehou word, totdat die massa daarvan konstant bly. Laat die residu by 'n temperatuur van 700-800 °C uitgloei. Koel af en weeg.

11.4.3 *Berekening.*

$$\text{Ru-styselgehalte, \% (m/m)} = \frac{4\,(A - B) \times 100}{C}$$

waar A = massa van Gooch-kroesie plus gedroogde residu, g.
B = massa van Gooch-kroesie plus uitgegloeide residu, g.
C = massa van monster wat geneem is, g.

11.5 BEPALING VAN CHLORIEDGEHALTE (AS NATRIUMCHLORIED).

11.5.1 *Reagense.*

(a) *Silwernitraatoplossing,* 0,1N. — Akkuraat gestandaardiseer.

(b) *Kaliumtiosianaatoplossing,* 0,1N.

(c) *Ysteraluinindikator.*—'n Koue, versadigde oplossing van ferri-ammonium-sulfaat waarby 'n paar druppels 6-N-salpetersuur gevoeg is.

(d) *Natriumkarbonaatoplossing.*—'n Versadigde oplossing.

(e) *Nitrobenseen.*

11.5.2 *Werkwyse.*—Weeg 'n geskikte hoeveelheid van die voorbereide monster akkuraat in 'n indampbak of -kroesie uit, maak dit vogtig met die natriumkarbonaatoplossing en droog oor 'n waterbad. Verkool die gedroogde monster en veras dit by 'n temperatuur van hoogstens 500 °C. Ekstraheer die residu met verdunde salpetersuur (6N) en filtreer in 'n 100-ml-maatfles. Ekstraheer en filtreer dit nog een maal en vul dit met verdunde salpetersuur tot die regte volume aan.

Voeg 25 ml van die silwernitraat, 5 ml van die nitrobenseen en 1 ml van die ysteraluinindikator by 'n geskikte deelvolume in 'n 250-ml-Erlenmeyerfles. Titreer met 0,1-N-kaliumtiosianaat. Voer 'n kontrolebepaling uit, maar laat die monster weg.

Bepaal, aan die hand van die titrasie in die kontrolebepaling en die titrasie in die toets, die hoeveelheid (A) silwernitraat wat in die toets gebruik is.

Calculate the fat content as follows:

$$\text{Fat, \% (m/m)} = \frac{W}{C} \times 100$$

where W = mass of dried residue, g.
C = mass of sample taken, g.

11.4 DETERMINATION OF CRUDE STARCH CONTENT.

11.4.1 *Reagents.*

(a) *Alcoholic potassium hydroxide solution, 8 per cent (m/v).*
(b) *Ethanol, 96 per cent.*
(c) *Acetic acid solution, 5 per cent (v/v).*

11.4.2 *Procedure.*—Weigh out accurately 20-30 g of the prepared sample into a 250-ml beaker, add 100 ml of the alcoholic potassium hydroxide solution and digest on a water bath for 1-2 h until all the fat has been saponified and the protein hydrolyzed. Filter through a medium-speed filter paper under suction. Wash the residue with ethanol until the washings are colourless. Use warm 5-per cent acetic acid solution to transfer the residue to a 100-ml volumetric flask. Cool, make up to volume with the acetic acid solution, shake thoroughly to suspend the residue, and immediately pipette a 25-ml aliquot into 100 ml of ethanol contained in a 250-ml beaker. Allow to stand until all the residue has settled. Filter through a prepared and ignited Gooch crucible, and dry the residue to constant mass in an oven maintained at a temperature of 105±2 °C. Ignite the residue at a temperature of 700-800 °C. Cool and weigh.

11.4.3 *Calculation.*

$$\text{Crude starch content, \% (m/m)} = \frac{4\,(A - B) \times 100}{C}$$

where A = mass of Gooch crucible plus dried residue, g.
B = mass of Gooch crucible plus ignited residue, g.
C = mass of sample taken, g.

11.5 DETERMINATION OF CHLORIDE CONTENT (AS SODIUM CHLORIDE).

11.5.1 *Reagents.*

(a) *Silver nitrate solution,* 0,1N. — Accurately standardized.

(b) *Potassium thiocyanate solution,* 0,1N.

(c) *Ferric alum indicator.*—A cold saturated solution of ferric ammonium sulphate to which a few drops of 6-N nitric acid have been added.

(d) *Sodium carbonate solution.*—A saturated solution.

(e) *Nitrobenzene.*

11.5.2 *Procedure.*—Weigh accurately a suitable quantity of the prepared sample into an evaporating basin or crucible, moisten with the sodium carbonate solution, and dry on a water bath. Char the dried sample and ash it at a temperature not exceeding 500 °C. Extract the residue with dilute nitric acid (6N) and filter into a 100-ml volumetric flask. Repeat the extraction and filtration once and make up to volume with the dilute nitric acid.

To a suitable aliquot in a 250-ml Erlenmeyer flask add 25 ml of the silver nitrate, 5 ml of nitrobenzene, and 1 ml of the ferric alum indicator. Titrate with 0,1N potassium thiocyanate. Carry out a blank determination omitting the sample.

From the blank titration and the test titration determine the amount (A) of silver nitrate used in the test.

Bereken die resultaat soos volg:

$$\text{Chloried, as natriumchloried, \% (m/m)} = \frac{A \times 5{,}845 \times N}{C}$$

waar A = volume silwernitraatoplossing wat deur die deelvolume gebruik is, ml.
N = normaliteit van silwernitraat wat gebruik is.
C = massa van oorspronklike monster wat verteenwoordig word deur die deelvolume wat by die titrasie gebruik is, g.

11.6 BEPALING VAN VOGGEHALTE.—Plaas ongeveer 10 g van die monster, akkuraat geweeg, in 'n geweegde platboomaluminiumbak wat ongeveer 20 g uitgegloeide sand bevat. Droog by 100±2 °C totdat die massa konstant bly.

Bereken die voggehalte soos volg:

$$\text{Voggehalte, \% (m/m)} = \frac{(A - B) \times 100}{C}$$

waar A = massa van monster en bak voor droging, g.
B = massa van monster en bak na droging, g.
C = massa van monster wat geneem is, g.

11.7 BEPALING VAN VESELGEHALTE.

11.7.1 *Reagense.*

(a) *Soutsuur, 5 persent (m/v).*—Verdun 150 ml gekonsentreerde analitiese reagensgraad-soutsuur met water en vul aan tot 1 000 ml.

(b) *Natriumhidroksied, 5 per cent (m/v).*—Los 50 g van die analitiese reagensgraad-natriumhidroksied in water op en vul aan tot 1 000 ml.

11.7.2 *Werkwyse.*—Weeg ongeveer 2 g van die monster noukeurig uit en plaas dit in 'n 250-ml-beker. Voeg 200 ml van die 5-persent-soutsuur by en laat 2 h lank oor 'n stoombad by 90-95 °C verteer. Filtreer deur 'n linnedoek, spoel die residu weer af in die beker met 200 ml van die 5-persent-natriumhidroksiedoplossing en verhit nog 2 h lank oor 'n stoombad.

Filtreer deur 'n geweegde, voorbereide en uitgegloeide Gooch-kroesie. Was deeglik met warm water, etanol en dan met eter. Droog by 120±2 °C en weeg. Laat in 'n moffeloond uitgloei, koel af en weeg weer.

Bereken die voggehalte soos volg:

$$\text{Veselgehalte, \% (m/m)} = \frac{(A - B) \times 100}{C}$$

waar A = massa van kroesie nadat dit droog is en voor uitgloeiing, g.
B = massa van kroesie na uitgloeiing, g.
C = massa van die monster wat geneem is, g.

11.8 BEPALING VAN JODIUMGETAL (VOLGENS WIJS).

11.8.1 *Reagense.*

(a) *Koolstoftetrachloried.*—Hergedistilleer.

(b) *Natriumtiosulfaatoplossing,* 0,1N. — Akkuraat gestandaardiseer.

(c) *Styselindikatoroplossing.*—Meng ongeveer 0,5 g oplosbare stysel met 'n bietjie koue water totdat dit 'n pasta vorm en voeg dit by 25 ml kokende water terwyl dit gedurig geroer word. Laat dit 2 min lank kook en laat dit afkoel. Gebruik 0,5 ml van hierdie oplossing vir elke bepaling.

(d) *Kaliumjodiedoplossing, 10 persent (m/v).*—Los 10 g analitiese reagensgraad-kaliumjodied, vry van jodaat, in water op en vul aan tot 100 ml. Berei 'n vars oplossing vir elke reeks bepalings.

(e) *Jodiummonochloriedoplossing.*—Los 8 g jodiumtrichloried in 1 000 ml ysasynsuur op. Voeg 20 ml van hierdie oplossing by 20 ml van die kaliumjodiedoplossing

Calculate the result as follows:

$$\text{Chloride, as sodium chloride, \% (m/m)} = \frac{A \times 5{,}845 \times N}{C}$$

where A = volume of silver nitrate solution used by the aliquot, ml
N = normality of silver nitrate used.
C = mass of original sample represented by the aliquot used in the titration, g.

11.6 DETERMINATION OF MOISTURE CONTENT.—Transfer about 10 g of the sample, accurately weighed, to a weighed flat-bottom aluminium dish containing about 20 g of ignited sand. Dry to constant mass at 100±2 °C.

Calculate the moisture content as follows:

$$\text{Moisture content, \% (m/m)} = \frac{(A - B) \times 100}{C}$$

where A = mass of sample and dish before drying, g.
B = mass of sample and dish after drying, g.
C = mass of sample taken, g.

11.7 DETERMINATION OF FIBRE CONTENT.

11.7.1 *Reagents.*

(a) *Hydrochloric acid, 5 per cent (m/v).*—Dilute 150 ml of concentrated analytical reagent grade hydrochloric acid with water and make up to 1 000 ml.

(b) *Sodium hydroxide, 5 per cent (m/v).*—Dissolve 50 g of analytical reagent grade sodium hydroxide in water and make up to 1 000 ml.

11.7.2 *Procedure.*—Weigh out accurately about 2 g of the sample and transfer to a 250-ml beaker. Add 200 ml of the 5 per cent hydrochloric acid and digest on a steam bath at 90-95 °C for 2 h. Filter on linen cloth, wash the residue back into the beaker with 200 ml of the 5-per cent sodium hydroxide solution and heat on a stem bath for a further 2 h.

Filter through a weighed, prepared, and ignited Gooch crucible. Wash thoroughly with hot water, ethanol, and finally ether. Dry at 120±2 °C and weigh. Ignite in a muffle furnace, cool, and re-weigh.

Calculate the fibre content as follows:

$$\text{Fibre content, \% (m/m)} = \frac{(A - B) \times 100}{C}$$

where A = mass of crucible after drying and before ignition, g.
B = mass of crucible after ignition, g.
C = mass of sample taken, g.

11.8 DETERMINATION OF IODINE VALUE (ACCORDING TO WIJS).

11.8.1 *Reagents.*

(a) *Carbon tetrachloride.*—Re-distilled.

(b) *Sodium thiosulphate solution* 0,1N. — Accurately standardized.

(c) *Starch indicator solution.*—Mix about 0,5 g of soluble starch to a paste with a little cold water and run it, with constant stirring into 25 ml of boiling water. Boil for 2 min and allow to cool. Use 0,5 ml of this solution for each determination.

(d) *Potassium iodide solution, 10 per cent (m/v).*—Dissolve 10 g of potassium iodide, analytical reagent grade free of iodate, in water and make up to 100 ml. Prepare a fresh solution for each series of determinations.

(e) *Iodine monochloride solution.*—Dissolve 8 g of iodine trichloride in 1 000 ml of glacial acetic acid. To 20 ml of this solution add 20 ml of the potassium iodide

en titreer met die standaard tiosulfaatoplossing. Teken die titer aan. Voeg genoeg jodium by die res van die oplossing sodat dit in reaksie met die jodiumtrichloried 'n titer gee wat ietwat meer as 1,5 maal dié van die vorige waarde met 'n 20-ml-deelvolume is. Reël die byvoeging van jodium sodat die finale titer op 20 ml van die oplossing so na as moontlik, maar minstens 0,2 ml meer as 1,5 maal die oorspronklike titer is.

11.8.2 *Werkwyse.*—Weeg 0,3-0,4 g van die vet (varkvet of beesvet) noukeuring uit in 'n skoon jodiumfles met 'n glasstopper en met 'n inhoudsmaat van 250 ml. Los die vet in 10 ml koolstoftetrachloried op en voeg presies 25 ml van die jodiummonochloriedoplossing by. Laat dit 30 min lank in die donker reageer, voeg 100 ml water en 20 ml van die kaliumjodiedoplossing by. Titreer die oormatige jodium met 'n 0,1-N-tiosulfaatoplossing. Voer 'n kontrolebepaling uit, maar laat die vet weg.

11.8.3 *Berekening.*

$$\text{Jodiumgetal (Wijs)} = \frac{(A - B) \times 12,69 \times N}{C}$$

waar A = volume standaardtiosulfaatoplossing wat vir die kontrolebepaling vereis word, ml.
B = volume standaardtiosulfaatoplossing wat vir die vet vereis word, ml.
N = normaliteit van die tiosulfaatoplossing.
C = massa vet wat vir die bepaling geneem is, g.

11.9 BEPALING VAN VRYE VETSUUR AS OLEÏENSUUR.

11.9.1 *Reagense.*

(a) *Etanol.*

(b) *Diëtieleter.*

(c) *Fenolftaleïenindikatoroplossing.*—1 persent (m/v)-oplossing in etanol (96 persent).

(d) *Kaliumhidroksiedoplossing,* 0,1N — Akkuraat gestandaardiseer.

11.9.2 *Werkwyse.*—Los ongeveer 10g vet akkuraat geweeg in 'n 1:1-mengsel (v/v) diëtieleter en etanol op wat vooraf met fenolftaleïenindikator tot 'n effense pienk kleurskakering geneutraliseer is. Titreer met die 0,1-N-kaliumhidroksiedoplossing totdat 'n effense pienk kleurskakering verkry word wat 15 s lank blywend is.

Bereken die gehalte aan vrye vetsuur soos volg:

$$\text{Vrye vetsuur (as oleïensuur), \% (m/m)} = \frac{A \times N \times 28,25}{C}$$

waar A = volume van die kaliumhidroksiedoplossing wat gebruik is, ml.
N = normaliteit van die kaliumhidroksiedoplossing.
C = massa van die monster wat geneem is, g.

11.10 BEPALING VAN VERSEPINGSGETAL.

11.10.1 *Reagense.*

(a) *Alkoholiese kaliumhidroksiedoplossing.*—Los 1,5 g silwernitraat in 3 ml water op en voeg die oplossing by 1 liter etanol (96 persent).

Los 3 g kaliumhidroksied in 15 ml warm etanol op, koel af en voeg dit stadig by die alkoholiese silwernitraatoplossing. Skud deeglik en laat die silweroksied oornag afsak; gooi die alkohol af en distilleer in 'n reagensfles wat ongeveer 30 g karbonaatvrye kaliumhidroksied bevat. Skud om dit op te los en bewaar in die donker.

(b) *Soutsuur,* 0,5N.—Akkuraat gestandaardiseer.

(c) *Fenolftaleïenoplossing.*—Berei voor soos in 11.9.1 (c).

11.10.2 *Werkwyse.*—Weeg ongeveer 2 g van die vet noukeurig in 'n 250-ml-fles af, voeg presies 25 ml van die alkoholiese kaliumhidroksied by en verhit 1 h lank met terugvloeiing. Koel af, voeg 0,5 ml van die fenolftaleïenindikator by en titreer met die 0,5-N-soutsuur. Voer 'n kontrolebepaling op dieselfde wyse uit, maar laat die vet weg.

solution and titrate with the standard thiosulphate solution. Note the titre. To the remainder of the solution add enough iodine to react with the iodine trichloride to give a titre, on a 20 ml aliquot, slightly more than 1,5 times that of the previous value. Adjust the addition of iodine so that the final titre on 20 ml of the solution is as nearly as possible but not less than 0,2 ml more than 1,5 times the initial titre.

11.8.2 *Procedure.*—Accurately weigh out 0,3-0,4 g of the fat (lard or dripping) into a clean glass-stoppered iodine flask of capacity 250 ml. Dissolve the fat in 10 ml of carbon tetrachloride and add exactly 25 ml of the iodine monochloride solution. Allow to react in the dark for exactly 30 min, add 100 ml of water and 20 ml of the potassium iodide solution. Titrate the excess iodine with the 0,1N thiosulphate solution. Carry out a blank determination omitting the fat.

11.8.3 *Calculation.*

$$\text{Iodine value (Wijs)} = \frac{(A - B) \times 12,69 \times N}{C}$$

where A = volume of standard thiosulphate solution required for the blank, ml.
B = volume of standard thiosulphate solution required for the fat, ml.
N = normality of the thiosulphate solution.
C = mass of fat taken for the determination, g.

11.9 DETERMINATION OF FREE FATTY ACIDS AS OLEIC ACID.

11.9.1 *Reagents.*

(a) *Ethanol.*

(b) *Diethyl ether.*

(c) *Phenolphthalein indicator solution.*—1 percent solution (m/v) in ethanol (96 per cent).

(d) *Potassium hydroxide solution,* 0,1N. — Accurately standardized.

11.9.2 *Procedure.*—Dissolve about 10 g of the fat, accurately weighed, in a 1:1 mixture (v/v) of diethyl ether and ethanol previously neutralized to a faint pink shade using the phenolphthalein indicator. Titrate with the 0,1N potassium hydroxide solution to a faint pink shade that persists for 15 s.

Calculate the free fatty acid content as follows:

$$\text{Free fatty acids (as oleic acid), \% (m/m)} = \frac{A \times N \times 28,25}{C}$$

where A = volume of the potasium hydroxide solution used, ml.
N = normality of the potassium hydroxide solution.
C = mass of sample taken, g.

11.10 DETERMINATION OF SAPONIFICATION VALUE.

11.10.1 *Reagents.*

(a) *Alcoholic potassium hydroxide solution.*—Dissolve 1,5 g of silver nitrate in 3 ml of water and add the solution to 1 litre of ethanol (96 per cent).

Dissolve 3 g of potassium hydroxide in 15 ml of warm ethanol, cool, and add slowly to the alcoholic silver nitrate solution. Shake thoroughly and allow the silver oxide to settle overnight; decant the alcohol and distil into a reagent bottle containing about 30 g of carbonate-free potassium hydroxide. Shake to dissolve, and store in the dark.

(b) *Hydrochloric acid,* 0,5N.—Accurately standardized.

(c) *Phenolphthalein solution.*—Prepare as in 11.9.1(c).

11.10.2 *Procedure.*—Accurately weigh approximately 2 g of the fat into a 250-ml flask, add exactly 25 ml of the alcoholic potassium hydroxide, and heat under reflux for 1 hour. Cool, add 0,5 ml of the phenolphthalein indicator, and titrate with the 0,5N hydrochloric acid. Carry out a blank determination in the same way, omitting the fat.

Bereken die versepingsgetal soos volg:

$$\text{Versepingsgetal (mg KOH per g)} = \frac{(A - B) \times N \times 56,1}{C}$$

waar A = volume soutsuur wat vir die toets gebruik is, ml.
B = volume soutsuur wat vir die kontrolebepaling gebruik is, ml.
N = normaliteit van die soutsuur.
C = massa van die monster wat geneem is, g.

11.11 BEPALING VAN SMELTPUNT.

11.11.1 *Apparaat.*—'n Aanneemlike Ubbelohde-apparaat vir vloei- en valpunte.

11.11.2 *Werkwyse.*—Vul die dop wat op die termometer pas met die voorbereide vetmonster en smeer die monster plat sodat al die lugblasies uitgesluit word. Plaas die dop aan die termometer en bevestig die termometer in 'n kookbuis deur gebruik te maak van 'n kurkprop sodat die dop ongeveer 20-30 mm van die bodem van die buis af is. Dompel die buis in 'n beker water wat van 'n roermeganisme voorsien is en verhit teen 'n tempo van 1 °C per min. Die temperatuur waarby die eerste druppel vloeistof uit die dop val, word as die smeltpunt van die monster beskou.

11.12 BEPALING VAN NITRIET- en NITRAATGEHALTE.

11.12.1 *Reagense.*

(a) *Aluminaroom.*—Berei 'n koue versadigde oplossing van kaliumaluminiumsulfaat in water voor. Voeg ammoniumhidroksiedoplossing wat ± 27 persent (m/v) NH_3 bevat by terwyl daar voortdurend geroer word, totdat die oplossing vir lakmoes alkalies is. Laat die neerslag afsak en was deur middel van dekantering totdat die afspoelsels slegs 'n effens positiewe reaksie tot sulfaat toon indien dit met 'n oplossing van 10 persent (m/v)-bariumchloried getoets word. Gooi die oortollige water af en bewaar die room in 'n fles met 'n stopper.

(b) *Soutsuur, ongeveer* 0,1N.

(c) *Asynsuur, ys.*

(d) *Sponsagtige kadmium.*—Berei voor deur sinkstawe in 'n oplossing van 20 persent (m/v)-kadmiumsulfaat te plaas. Laat dit vir 'n geskikte tydperk staan en skraap dan die sponsagtige kadmium af van die sinkstawe, was dit eers met 0,1-N-soutsuur en dan verskeie male met water. Bewaar onder water.

(e) *Diasoteringsoplossing.*—'n 5-millimol-oplossing van sulfanielsuur in water.

(f) *Koppelmiddel.*—'n 5-millimol-oplossing van N-1-naftieletileendiamien in water.

